

(ii)

ENKELE ASPEKTE VAN DIE VRAAG  
NA BANTOEBIER MET SPESIALE  
VERWYSING NA DIE VRAAG DAARNA  
IN DIE VEREENIGINGGEBIED

deur

BAREND HENDRIK STEYN B.Com (U.O.V.S.), B Com. Hons. (S.A.),  
B.Ed. (U.P.), H.B.A. (P.U. vir C.H.O.)

Skripsie aangebied as gedeeltelike vereiste vir die graad

MAGISTER BEDRYFSADMINISTRASIE

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier: Dr. J.J.D. HAVENGA  
Potchefstroom  
Januarie 1975

V O O R W O O R D

Dit is my aangename voorreg om opreg dank te betuig teenoor die volgende vir bystand aan my verleen om hierdie ondersoek af te handel :-

Dr. J.J.D. Havenga wat met onbaatsugtige ywer as leier opgetree het. Hy het steeds op positiewe wyse aan struktuurgewing van hierdie skripsie aandag geskenk en gestalte aan die werk gegee, waarby hy deur sy heldere denke en skerpe insig gedurig geïnspireer het.

Die sekretaris van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede vir inligting en statistiek verskaf.

Mnr. J.A. de Villiers, verbonde aan die Bantoebiereenheid van die W.N.N.R. vir inligting en statistiek verskaf.

Mnr. I. van der Walt, Direkteur van Nie-Blanke Aangeleenthede, Stadsraad van Vereeniging, vir tyd aan my afgestaan tydens talle onderhoude en telefoongesprekke, asook vir statistiek aan my verskaf.

Mev. S. Venter, wat die tikwerk onderneem het en so goed versorg het.

Mnr. I.P. Ferreira, voormalige Direkteur van Nie-Blanke Aangeleenthede, Stadsraad van Vereeniging, wie se geesdrif vir die bantoebierbedryf die aanvanklike inspirasie vir hierdie studie was.

Mr. J.R. Boot, vir sy aanmoediging, asook vir die besondere hulp wat hy by die druk en bind van hierdie skripsie verleen het.

My werkgewer, die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, wat altyd bereid was om eksamenverlof aan my te verleen.

My vrou, wat die taalversorging onderneem het en wat as studieweduwe baie moes opoffer gedurende die afgelope jare.

Verder ook n woord van waardering aan al die betrokke dosente onder wie se bekwame leiding ek die afgelope drie jaar studeer het.

AAN GOD AL DIE EER.

B.H. STEYN

OPGEDRA AAN JOHAN, NICO EN GERDA

I N H O U D S O P G A W E .

Lys van grafieke, diagramme en bylaes.

	<u>Pagina</u>
VOORWOORD .. .. .	iii
HOOFSTUK 1: INLEIDING .. .. .	1
1.1 Doel van die studie .. .. .	1
1.2 Afbakening van die studie .. .. .	1
1.3 Metode van ondersoek .. .. .	2
1.4 Indeling van die studie .. .. .	2
HOOFSTUK 2: BANTOEBIER 'N UNIEKE PRODUK : OMSKRYWING, BEHEER EN WETGEWING. WAT BEMARKING RAAK EN DIE OM- VANG VAN DIE BEDRYF .. .. .	4
2.1 Inleiding .. .. .	4
2.2 Omskrywing van bantoebier .. .. .	4
2.3 Die brouproses .. .. .	5
2.4 Die unieke karakter van die bantoebierbe- dryf .. .. .	7
2.5 n Vergelyking tussen "blanke" bier en bantoebier.. .. .	8
2.6 Voorkeur wat Bantoes vir bantoebier gee	14
2.7 n Kort oorsig oor die ontwikkeling van beheer oor die brou van bantoebier in Suid-Afrika .. .. .	18
2.8 Huidige wetgewing i.v.m. bantoebier.. .. .	20
2.9 Die omvang van die bantoebierbedryf in Suid-Afrika .. .. .	22
2.9.1 Volume en waarde van bantoebier verbruik .. .. .	22

<u>HOOFSTUK 3:</u>	DIE VRAAG NA BANTOEBIER .. .. .	29
3.1	Inleiding .. .. .	29
3.2	Die tradisionale plek van bantoebier by Bantoes in stamverband .. .. .	30
3.3	Die plek wat bantoebier vandag in die lewe van die stedelike Bantoe speel en hoekom bantoebier gedrink word .. .. .	32
<u>HOOFSTUK 4:</u>	'N VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA BANTOEBIER MET DIE VRAAG NA BLANKE DRANK EN 'N ONTLEDING VAN DIE VRAAG NA BANTOEBIER IN DIE VEREENIGINGGEBIED .. .. .	40
4.1	Die vraag na bantoebier in vergelyking met die vraag na blanke drank onder Bantoes ..	40
4.1.1	Inleiding.. .. .	40
4.1.2	Die invloed van die beskikbaarstelling van blanke drank op die vraag na bantoebier .. .. .	40
4.1.3	Die invloed van prysverhogings van blanke drank op die vraag na bantoebier .. .. .	46
4.1.4	Die waarde van bantoebierproduksie deur die munisipaliteit van Vereeniging teenoor die waarde van blanke drank in munisipale drankwinkels verkoop .. .. .	50
4.1.5	Enkele afleidings wat gemaak kan word by ontleding van blanke drankverkope teenoor bantoebierverskope..	57
4.2	Seisoensverskynsels in die vraag na bantoebier .. .. .	58
4.2.1	Die belangrikheid van seisoensverskynsels in die bantoebierbedryf ..	58
4.2.2	Die vraag na bantoebier gedurende verskillende maande van die jaar ..	59

4.2.3	n Ontleding van die verkope van bantobier gedurende die ver- skillende dae van die week .. .. .	64
4.2.4	Gevolgtrekkings .. .. .	67
4.3	Die rol wat verpakking in die vraag na bantobier speel .. .. .	68
4.4	Die vraag na bantobier vir binneverbruik (biersale) teenoor buiteverbruik (depots)..	72
4.5	Die maandelikse uitgawe aan bantobier en ander alkoholiese drank .. .. .	76
4.6	Die prys van bantobier .. .. .	84
4.7	Die rol wat gehalte speel .. .. .	86
4.8	Gevolgtrekkings .. .. .	87
<u>HOOFSTUK 5: DIE EKONOMIESE EN SOSIALE BELANG-</u>		
RIKHEID VAN DIE BANTOEBIERBEDRYF		
	IN SUID-AFRIKA .. .. .	89
5.1	Inleiding .. .. .	89
5.2	Werkverskaffing deur die bantobierbedryf..	92
5.3	Kapitale belegging in die bantobierbedryf	95
5.4	Die gebruik van grondstowwe in die bantobierbedryf.. .. .	97
5.5	Aanwending van winste wat op bantobierver- kope gemaak is .. .. .	102
5.	5.5.1 Die berekening van bantobierwins..	102
	5.5.2 Wetlike beperkings op die aanwending van bantobierwinste .. .. .	104
	5.5.3 Die besteding van bantobierwinste..	106
5.6	Gevolgtrekkings .. .. .	108
<u>HOOFSTUK 6: SAMEVATTING .. .. .</u>		
	English summary .. .. .	112

LYS VAN GRAFIEKE, DIAGRAMME EN BYLAESPagina

GRAFIEK	2.1:	Voorstelling van vaste stowwe-, alkohol- en protëinepersentasies van verskillende soorte bier .. ..	10
GRAFIEK	2.2:	Voorstelling van alkoholieuse inhoud van verskillende soorte drank, volgens volume .. .. .	13
GRAFIEK	2.3:	Voorstelling van dranksoorte wat meeste gedrink word .. .. .	17
GRAFIEK	2.4:	Totale produksie (in miljoen gellings) van bantobier in Suid-Afrika vir die boekjare 1965/66 tot 1971/72.. ..	24
GRAFIEK	2.5:	Getalle van brouerye verdeel in a) klein brouerye, b) middelslag brouerye en c) groot brouerye .. .. .	27
GRAFIEK	2.6:	Jaarlikse produksie van brouerye in miljoene gellings volgens a) klein brouerye b) middelslag brouerye en c) groot brouerye .. .. .	27
GRAFIEK	4.1:	Prysindekssyfers vir alle alkoholieuse drank in vergelyking met maandelikse verkope van blanke drank en bantobier (volgens waarde) in die Vereenigingse Bantowoongebiede - April 1970 tot Junie 1971 .. .. .	49
DIAGRAM	4.1:	Voorstelling van korrelasie tussen stygings en dalings in bantobier en blanke drankverkope .. .. .	54
GRAFIEK	4.2:	Maandelikse verbruikssyfers van bantobier verkoop deur die Stadsraad van Vereeniging .. .. .	63
GRAFIEK	4.3:	Daaglikse verbruiksindekssyfers van bantobierverkope in Sharpeville .. .. .	66
GRAFIEK	4.4:	Persentasie bantobier in verpakte vorm deur die Stadsraad van Vereeniging verkoop .. .. .	70
GRAFIEK	4.5:	Maandelikse uitgawe aan drank deur Blankes en Stedelike Bantoes .. ..	80

GRAFIEK	4.6:	Waarde van uitgawe op verskillende dranksoorte deur stedelike Bantoes in die Vereeniging-Vanderbijlparkgebied gespandeer gedurende 1968.. ..	82
GRAFIEK	5.1:	Bantoebierproduksie en verspreiding van bantoebevolking volgens provinsie .. .. .	91
GRAFIEK	5.2:	Werknemers in bantoebierbedryf (verdeel volgens funksie) soos op 30 Junie 1972 .. .. .	94
GRAFIEK	5.3:	Kapitale belegging in die bantoebierbedryf - 1969 .. .. .	96
GRAFIEK	5.4:	Belangrikste grondstowwe deur bantoebierbrouerye verbruik - 'n vergelyking tussen die boekjare 1963/64 en 1971/72 .. .. .	99
GRAFIEK	5.5:	Waarde van grondstowwe deur bantoebierbedryf gebruik - 1971/72 .. .. .	101
BYLAAG	1:	Berekening van seisoensindeks (maandelikse verbruikssyfers) vir die jare geëindig 30 Junie 1967 tot 30 Junie 1971 .. .. .	110
BYLAAG	2:	Berekening van seisoensindeks (daaglikse verbruiksindeks) vanaf gewens in tabel 4.6 uiteengesit ..	111



INLEIDING

1.1 Doel van die Studie

Die doel van hierdie studie is om die vraag wat daar na bantoebier bestaan te ondersoek. Alhoewel dit een van die oudste produkte bekend in Suid-Afrika is, bestaan daar feitlik geen literatuur oor die onderwerp nie. Die doel van die studie was dus om die produk self te ondersoek, vas te stel wie bantoebier drink, waar en wanneer dit gedrink word en wat die sosiale en ekonomiese betekenis van hierdie kennis is.

1.2 Afbakening van die studie

In hierdie studie is gebruike en wette wat die bedryf raak net kortliks gemeld of opgesom ten einde die vraag na bantoebier en die funksionering van die bedryf in perspektief te stel. Die tydperk wat ter sprake is, is die ses-tigerjare en vroeë sewentigerjare. Hierdie is n uiters belangrike tydperk van die bantoebierbedryf aangesien dit gedurende hierdie tydperk is dat blanke drank vrylik aan Bantoes beskikbaar gestel is, dat bantoebier doeltreffend in verpakte vorm bemark kon word, dat die bedryf tot groot mate gemeganiseer het en geweldig vinnig ontwikkel het.

Waar die vraag na bantoebier in hierdie studie ondersoek is, is eers die geheelbeeld verkry en daarna is die vraag na die produk in die Vereeniginggebied in groter diepte ondersoek.

### 1.3 Metode van ondersoek

Die metode van ondersoek was kwalitatief sowel as kwantitatief.

Kwalitatiewe inligting is grotendeels verkry uit tydskrif-artikels. Verskeie vaktydskrifte, wat sowel die voedsel- as die drankbedryf raak, het waardevolle inligting en agtergrond vir die studie verskaf. n Lys van sodanige literatuur word by hierdie studie aangeheg.

Kwantitatiewe inligting is verkry deur onderhoude wat gevoer is met persone wat in die bedryf staan en statistiek wat deur die sekretaris van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede (I.A.N.A.) en deur die Stadsraad van Vereeniging verskaf is.

Geen eie empiriese ondersoek is uitgevoer nie, omdat dit te omvangryk sou wees en die koste daaraan verbonde te hoog sou wees.

### 1.4 Indeling van die studie

In hoofstuk 2 word bantoebier eerstens omskryf en die brou-proses kortliks verduidelik.

Vervolgens word n vergelyking tussen "blanke bier" en bantoebier getref en die voorkeur wat Bantoes vir laasgenoemde gee ondersoek. Wetgewing wat die bedryf raak en die omvang van die bedryf word ook bespreek.

In hoofstuk 3 word die tradisionele plek wat bantoebier in die lewe van Bantoes gespeel het en tans nog speel, ondersoek.

In hoofstuk 4 word die vraag na bantobier in die Vereeniginggebied in fyner besonderhede bespreek. Bantobier - teenoor blanke drankverbruik deur Bantoes, seisoensverskynsels in die vraag na die produk, die gebruik van verpakte bier teenoor die verbruik van losbier asook verdere ontleding van die vraag na die produk kom hier onder die soeklig.

Hoofstuk 5 behandel die sosiale en ekonomiese belangrikheid van die bantobierbedryf. Werkverskaffing deur die bedryf, kapitaalbelegging, verbruik van grondstowwe en die aanwending van bantobierwinste word hierby ingesluit.

Hoofstuk 6 bevat n kort opsomming van die studie.

## HOOFSTUK 2

### Bantoebier - n unieke produk: omskrywing, beheer en wetgewing wat bemarking raak en die omvang van die bedryf

#### 2.1 Inleiding

Bantoebier word reeds vir eeue deur Bantoes in Suid-Afrika gebrou en gedrink. Reeds in 1687 het skipbreukelinge van die Stavenisse wat aan die Natalse kus gestrand het, gerapporteer dat die Bantoes van kafferkoring "bier maak wat nie onaangenaam smaak nie en wat hulle in erdepotte hou".<sup>1)</sup> Cetshawayou het in 1883 aan die Kaapse Kommissie insake Naturellewette gesê:

„Kafferbier is die voedsel van die Zoeloës. Hulle drink dit soos die blankes koffie drink en hulle drink dit net so dikwels as wat die blankes koffie drink." <sup>1)</sup>

#### 2.2 Omskrywing van bantoebier

De villiers omskryf bantoebier as "n ondeursigtige drank met n lig rooi-bruin kleur en n verfrissende suur smaak.

Dit kan deels as n voedsel en deels as n drank beskou word."<sup>2)</sup>

---

<sup>1)</sup> Burger, J.A. Bantoebier, Referaat gelewer voor die lede van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke aangeleenthede tydens 14de jaarkongres gehou te Oos-London 30 Aug. - 25 Sept. 1965 bl. 86.

<sup>2)</sup> De Villiers, J.A. Die bestuursaspekte van effektiewe kapitaal-aanwending, kosteberekening en kostebeheer in die bantoebier-bedryf. Ongepubliseerde werk voorgelê as deel van die vereistes van die M.B.A.-graad, U.P., Julie 1971.

In die Wet op bantoebier, Wet 63 van 1962, soos gewysig, word bantoebier omskryf as "die drank wat algemeen bekend staan as kafferbier en wat gewoonlik deur Bantoes gebrou word van kafferkoring of gars of enige ander graan" en "enige ander'gegiste drank wat die Staatspresident van tyd tot tyd by proklamasie in die Staatskoerant verklaar bantoebier te wees.<sup>3)</sup>

In die proklamasie wat die brou en verkoop van bantoebier in die Bantoegebiede magtig, word bantoebier omskryf as "die drank wat algemeen bekend staan as kafferbier en wat gewoonlik deur Bantoes gebrou word van kafferkoring of gars of ander graan" asook "enige gegiste drank wat in voorkoms en smaak soortgelyk is aan die drank wat algemeen bekend staan as kafferbier en wat gemaak word hetsy met of sonder die toediening van suurdeeg of n ander gismiddel, van n poeier of stof waarna in die algemeen verwys word as kitsbierpoeier."<sup>4)</sup>

### 2.3 Die brouproses

Die brou van bantoebier is n biochemiese proses waartydens grondstowwe soos graansorghummout (kafferkoringmout) en mieliegruis deur die werking van bakterieë, gisselle en ensieme omgesit word om die eindproduk te verkry.

---

<sup>3)</sup>Wet 63 van 1962, soos gewysig, Artikels 1(ii) en 1(iii).

<sup>4)</sup>Proklamasie Nr. R.50 van 1963, soos gewysig - Artikels 1(ii)(a) en (b).

Deur die tuisbrouproduk as basis te gebruik, is die brou-proses deur jare se navorsing deur die Bantoebiereenheid van die W.N.N.R. suksesvol opgeskaal vanaf kleipothoeveel-hede tot massahoeveelhede van tot 3 000 gellings (13 600 liters) per brou. n Standaardbrouproses en resep is ont-wikkel wat veral by kleiner brouerye, met geringe aanpas-sings vir plaaslike smaak en omstandighede, net so toegepas kan word om n produk van aanvaarbare kwaliteit te verkry.

Die proses waardeur 1 500 gellings (6 800 liters) bantoe-bier gebrou word, kan kortliks as volg beskrywe word:<sup>5)</sup>

- i) n melksuurgistingsproses word uitgevoer deur twee sakke (163 Kg) kafferkoringmout met n sekere hoe-veelheid water te vermeng en vir nagenoeg agt uur by konstante temperatuur te versuur tot die regte suurheidsgraad (pH).
- ii) By dié mengsel word dan 10 sakke (817 Kg) brouers-gruis gevoeg en die volume water tot 5 400 liters vermeerder waarna die mengsel gekook word.
- iii) Deur die byvoeging van nog water word die mengsel tot 60°C afgekoel en nog 245 Kg mout word bygevoeg wat die stysel in suikers omsit.
- iv) Na twee uur word die mengsel tot 30°C afgekoel en gis word bygevoeg. Hierna word die bier met hoë spoed sentrifuge-siwwe van die growwe bestanddele

---

<sup>5)</sup> Novellie, L. "Bantu Beer - Popular Drink in South Africa  
International Brewer and Distiller, 1(1): November/Desember  
1966. ....7/.....

(bierafgietsel of doppe van die mout) geskei.

- v) Die bier ondergaan nou in vlekvrige staaltenks vir 24 uur n gistingsproses en is hierna gereed om gedrink te word.

#### 2.4 Die unieke karakter van die bantobierbedryf

Die bantobierbedryf in Suid-Afrika is uniek en enig van sy soort om die volgende redes

- (i) Die brou en verkoop van bantobier is die enigste moderne bedryf in Suid-Afrika wat gefundeer is op en voortgevloei het uit die Bantokultuur.
- (ii) Dit is die enigste moderne bedryf in Suidelike Afrika wat sy ontstaan aan die Bantoe te danke het en uitsluitlik vir die Bantoe ontwikkel is.
- (iii) Die unieke situasie word aangetref dat dit n tradisie van die Bantoe is wat deur die plaaslike owerhede met die koms van die Bantoe na die Blanke gebiede namens die Bantoe ontwikkel en gemoderniseer is.
- (iv) Die unieke situasie word aangetref dat die huisbedryf wat die Bantoe met hom saamgebring het tot n reus ontwikkel het wat nie net sy plek in die Blanke gebiede volstaan nie, maar met behulp van die Bantoe Beleggingskorporasie (B.B.K.), sy skrede wend na die plek van oorsprong ten einde daar ook sy plek in die ontwikkelingsproses van die Bantoegebiede

in te neem.<sup>6)</sup>

2.5 n Vergelyking tussen "blanke" bier en bantobier

n Chemiese ontleding gedoen deur die Bantobier-eenheid van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, het by ontleding van monsters blanke bier en bantobier die analise gemaak wat in tabel 2.1 uiteengesit is. (Monsters van bantobier geneem by ses munisipaliteite aan die Rand is gemeng ten einde die bantobier monsters wat ontleed is te verkry. Engelse bier en Kontinentale bier is die normale blanke bier wat op die Suid-Afrikaanse mark verkoop word en wat volgens Engelse of Kontinentale resepte gebrou word.)

---

<sup>6)</sup>Loots, H.J. Die brou en verkoop van Bantobier in die Bantoegebiede van Suid-Afrika, ongepubliseerde M.Com verhandeling Universiteit van Pretoria, Desember 1969, bl.23.





Tabel 2.1      Chemiese ontleding van monsters bantobier en blankebier<sup>7)</sup>

<u>Bestanddeel</u>	<u>Bantobier</u>	<u>Engelsebier</u>	<u>Kontinentale bier</u>
% Alkohol	3.0	3.3 - 4.8	3.7
% Vaste stowwe	6.0	3.4 - 6.3	5.7
% Maltose	0.49	0.6 - 2.0	---
% Proteïne	0.63	0.24- 0.33	0.5

<sup>7)</sup>Inligting verskaf deur die Bantobier-eenheid van die W.N.N.R.

alkohol- en proteïnepercentages  
in verschillende soorte bier



Dit blyk dus dat die alkoholinhoud van bantobier laer is as dié van blankebier, terwyl eersgenoemde ook n hoër persentasie vaste stowwe en proteïne bevat.

In n verdere ontleding van vitamines<sup>8)</sup> in bantobier en blankebier is die volgende gevind:

---

Vitamines	Minimum daaglikse behoefte in mg.	Hoeveelheid Vitamine in mg. verskaf deur 1 kwart	
		<u>Bantobier</u>	<u>Blankebier</u>
Thiamien	1.0	1.6	0.03 - 0.06
Riboflavin	10.0	5.6	6.6 - 10.2
Vitamien B. 12	1 ng.	0.5 ng	

---

In tabel 2.2 word die alkoholinhoud van blanke drank en bantobier volgens volume en gewig vergelyk.

---

8) Inligting verskaf deur die Bantobier-eenheid van die W.N.N.R.


Tabel 2.2                      Vergelyking van alkoholiese inhoud van blanke drank teenoor bantoebier<sup>9)</sup>

<u>Tipe drank</u>	<u>Alkoholiese sterkte</u>	
	<u>In volume</u>	<u>In gewig</u>
Spiritualieë (Brandewyn, Jenewer, Whisky)	43%	36%
Gefortifiseerde Wyn (Sjerrie, Port, Soetwyn)	17% - 20%	14% - 16%
Natuurlike wyn (rooi & wit)	11% - 13%	9% - 11%
Laagerbier (Blankebier)	5%	4%
Bantoebier	3.2%	2.6%

9) Besonderhede omtrent Blanke drank verkry uit "Bier in Suid-Afrika" n Publikasie van die Brouersinstituut van S.A. Besonderhede omtrent Bantoebier uit: Ferreira, I.P. "Modern trends in the manufacture of kaffirbeer by local authorities and large employers of native labour", Journal of Racial Affairs, April 1953, p.40. .... 13/...

Grafiek 2.2

Voorstelling van alcoholiese inhoud van verskillende soorte drank, volgens volume.



In tabel 2.2 word die alkoholinhoud van blanke drank en bantoebier volgens volume en gewig vergelyk.

Soos in tabel 2.2 gesien kan word is die persentasie alkohol in bantoebier laer as in enige blanke drank, terwyl dit n hoë voedingswaarde het. Potgieter <sup>10)</sup> sê dat "the food value of a pint of good Bantu beer approaches that of a pint of milk" en "an imperial pint of beer has a body fuel value between 250 and 450 calories, depending on the solids content, which in turn depends on the formula used in the manufacture".

## 2.6 Voorkeur wat Bantoes vir bantoebier gee

Bantoebier is vir die Bantoe meer as net n drank. Kenners stem saam dat, alhoewel die jonger geslag stedelike Bantoes bantoebier nie so belangrik ag as voedsel nie, dit vir die meeste Bantoeverbruikers "groter belangrikheid as voedsel dan as dranksoort het. Dié feit word weerspieël daarin dat selfs met die vrystelling van sogenaamde blanke drank aan Bantoes hulle nogtans hulle bantoebier verkies."<sup>11) 12)</sup>

---

10) Potgieter, W.A. "Bantu Beer", The South African Industrial Chemist, Oktober 1963, p. 204.

11) Steenekamp, T.J. "Aspekte van die vervaardiging en bewerking van bantoebier." Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, 16(3): Julie 1965, p. 146.

12) Verwys ook na par. 4.1.1.

In 'n proefondersoek wat in 1964 deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gedoen is, is twee groepe Bantoeprøefpersone (een stedelik en een landelik) omtrent die dranksoort wat hulle die mees dikwels drink, uitgevra en het die inligting soos in tabel 2.3 aan die lig gekom.

.....16/.....

Tabel 2.3

Dranksoorte waarvan mees dikwels gedrink word<sup>13)</sup>



Dranksoort	<u>Stedelike streekproef</u>		<u>Landelike streekproef</u>	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Bantoebier	473	73,2	277	87.7
Brousel	15	2.3	8	2.5
Wyn	42	6.5	7	2.2
Sterk Drank	97	15.0	23	7.3
Bier	19	2.9	1	0.3
	=====			
TOTAAL	646	100.0	316	100.0
	=====			

<sup>13)</sup>Miles, J.D. Die drinkpatroon van die Bantoes in Suid-Afrika, Navorsingsreeks nr. 18, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, 1964.



deur stedelike Bantoes

deur landelike Bantoes



Uit tabel 2.3 kan gesien word dat meeste Bantoes bantoebier mees dikwels gebruik. Verder sal gesien word dat die persentasie Bantoes wat blanke drank mees dikwels gebruik in die stedelike steekproefgroep veel groter was (24.4%) as in die landelike steekproefgroep (9.8%). Hierdie tendens is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die Bantoe in die stedelike gebiede in nouer kontak met die blankes is en tot groter mate Westerse gewoontes aangeleer het.

2.7 n Kort oorsig oor die ontwikkeling van beheer oor die brou van bantoebier in Suid-Afrika

Volgens Bang<sup>14)</sup> was daar tot aan die begin van hierdie eeu geen beheer oor die brou van bantoebier nie. Die instelling van beheermaatreëls was veral sosiologies van aard: "As the number of unattached native males in the towns increased, particularly in the mining areas, drunkenness and immorality assumed large proportions and it became evident that stricter control was necessary. In Natal a move to prevent the brewing of kaffir beer in Pietermaritzburg and Natal resulted in the passing of the Native Beer Act, No. 23 of 1908. In terms of this measure these towns were in 1909 granted the monopoly in respect of the manufacture and sale of Native beer in their respective areas."<sup>15)</sup>

---

<sup>14)</sup> Bang, D.N. The History and Policy of Kaffir Beer in South Africa, referaat gelewer voor die lede van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede, vyfde jaarkongres gehou te Bloemfontein vanaf 17 tot 20 September 1956, Notule p. 64.

Die Naturelle Stadsgebiede Wet (Wet nr. 21 van 1923) het bogenoemde magte na ander stedelike gebiede in Natal uitgebrei. In 1937 volg die Naturellewette Wysigingswet (nr. 46 van 1937) waardeur Bantoes, in lokasies waar die plaaslike besture verkies om nie biersale in te rig of Bantoes te lisensieer om bier te verkoop nie, toegelaat word om bantoebier tuis te brou.

Voortdurende probleme in verband met bantoebier lei daartoe dat die regering in 1941 'n kommissie aanstel om ondersoek in te stel na die verskaffing en verbruik van bantoebier. Die verslag wat hierdie kommissie uitgebring het, lei in 1945 tot wysigende wetgewing waardeur:

- „i) plaaslike besture kon verkies om by wyse van alleenreg bantoebier self te brou en te verskaf aan Bantoes; of
- ii) om tegelykertyd tuisbrou en munisipale verskaffing van bantoebier toe te laat; of
- iii) om Bantoes toe te laat om tuis bantoebier te brou; of
- iv) om Bantoes by wyse van lisensie toe te laat om bantoebier te brou en te verkoop op 'n privaat perseel geleë in 'n Bantuelokasie of -dorp.“<sup>16)</sup>

Tot met die aanname van die Wet op Bantoebier in 1962 het die bepalings van die 1945 Wet met geringe veranderings in werking gebly.

---

<sup>16)</sup> Steenekamp, T.J. op. cit., p. 148.

2.8 Huidige wetgewing i.v.m. bantoebier

Huidige wetgewing in verband met bantoebier is saamgevat in Die Wet op bantoebier, Nr. 63 van 1962 en die Proklamasie in verband met die brou en verkoop van bantoebier in Bantoegebiede, Nr. R.50 van 1963. Eersgenoemde reël die verkoop, verskaffing en besit van bantoebier buite Bantoegebiede, terwyl laasgenoemde dit binne die Bantoegebiede reël.

Burger beskou die volgende bepalings van bogenoemde wette as van belang:

- „(i) Selfs in 'n gebied waar 'n plaaslike bestuur die uitsluitende reg het om bantoebier te maak, kan 'n werkgewer wat meer as 25 werknemers in diens het en hulle op sy perseel huisves, die reg kry om self bier te maak en redelike hoeveelhede daarvan gratis aan sy werknemers te verskaf. Sekere ander werkgewers wat heel groot getalle Bantoes in diens het, soos die goudmyne en Yskor, wat huisvesting op 'n kampongbasis verskaf en wat in-gevolge die Drankwet die reg het om sterk drank te verkoop, kan ook bantoebier wat van 'n plaaslike bestuur verkry is, verkoop. Sodanige verkope is onderhewig aan dieselfde voorwaardes as wat op die verkoop van sterk drank betrekking het. Hierdie tipe werkgewer kan selfs ook die reg kry om vir verkoopsdoeleindes sy eie bantoebier te brou maar vergunnings hiertoe word slegs by uitsondering verleen.

- (ii) Sonder die voorafverkreë toestemming van die eienaar of wettige bewoner van 'n perseel mag niemand op daardie perseel in besit wees van bantobier nie. Daar is natuurlik uitsonderings op hierdie reël maar normaalweg sal dit geld ten opsigte van alle woonpersele in ons dorpe, en dit is miskien goed dat huiseienaars dit weet.
- (iii) Plaaslike besture wat bantobier verkoop mag dit slegs doen op 'n perseel wat deur die Minister vir daardie doel goedgekeur is en dan ook net aan persone bo die ouderdom van 18 jaar.
- (iv) Drankhandelaars is skuldig aan 'n oortreding indien hulle bantobier verkoop wat hulle nie van 'n plaaslike bestuur verkry het nie.
- (v) Dit is moontlik dat verskillende plaaslike besture kan ooreenkom om gesamentlik bantobier te brou en te verskaf of dat die een brou en aan die ander verskaf. Op dié wyse kan die oprigting van 'n addisionele brouery in die geval van buurdorpe uitgeskakel word.
- (vi) Die Bantobierwet van 1962 is nie in die Bantoegebiede van toepassing nie. Dit beteken egter nie dat hierdie nywerheid geen plek daar het nie. Intendeel, afgesien van die tradisionele brouwyse, is dit besig om tans ook daar 'n plek te vind. Proklamasie Nr. R.50 van 1963 reël die verkoop van bantobier in Bantoegebiede. Daarvolgens kan 'n Bantoe of 'n Bantoe-owerheid onder sekere voorwaardes

n lisensie kry wat aan hom die reg verleen om bantoebier te verkoop." 17)

## 2.9 Die omvang van die bantoebierbedryf in Suid-Afrika

Die omvang van die bantoebierbedryf in Suid-Afrika word besef indien in aanmerking geneem word dat dit die enkele dranksoort is waarvan daar die meeste in Suid-Afrika gedrink word. Die bedryf het gedurende die afgelope twee dekades snel ontwikkel en die aanduidings is dat nog vir baie jare sal groei. As in aanmerking geneem word dat daar in 1965 429 plaaslike owerhede in die Republiek bestaan het - dit sluit Afdelingsrade in die Kaap en "Health Commissions" in Natal in - en dat daar maar nog 75 brouerye opgerig is, 18) kan dadelik gesien word dat heelwat meer plaaslike besture nog brouerye mag oprig en dat die omvang en produksie van die bantoebierbedryf nog heelwat kan uitbrei.

### 2.9.1. Volume en waarde van bantoebier verbruik

Die volume en waarde van bantoebier in Suid-Afrika styg nog jaarliks. Soos in tabel 2.4 gesien kan word, was die produksie van bantoebier in die boekjaar tot 30 Junie 1972 meer as R45 miljoen werd. Afvalprodukte wat gedurende dieselfde tyd verkoop is het vir nog n verdere inkomste van meer as R $\frac{1}{2}$  miljoen gesorg.

---

17) Burger, J.A. op.cit., p. 94.

18) Uit n toespraak deur mnr. I.P. Ferreira tydens die 14de jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van nie-blanke aangeleenthede, Oos-London, 30 Aug. - 2 Sept. 1965.


Tabel 2.4

Produksie en waarde van bantoebier produksie 1965/66 tot 1971/72. 19)

Boekjaar	<u>Bantoebierproduksie</u>	
	Miljoen Gellings	Waarde (R miljoen)
1/7/65 - 30/6/66	123,37	23,39
1/7/66 - 30/6/67	140,59	27,47
1/7/67 - 30/6/68	151,67	31,04
1/7/68 - 30/6/69	157,63	33,20
1/7/69 - 30/6/70	168,71	35,89
1/7/70 - 30/6/71	176,83	42,25
1/7/71 - 30/6/72	180,63	45,53

19) Inligting verkry vanaf die Sekretaris van die Instituut  
van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede (I.A.N.A.)

Grafiek 2.4    Totale produksie (in miljoen gellings) van bantoe-  
bier in Suid-Afrika vir die boekjare 1965/66  
tot 1971/72.





Klein Brouerye <sup>1)</sup> (0-1 miljoen gelling)		Middelslag brouerye (1-5 mil.gel.)				Gróot Brouerye (meer as 5 mil.ge)								
Naam van sentrum	Produk- sie miljoen gel.	Koste (sent/gel. <sup>2)</sup>			Naam van Sentrum	Produk- sie milj. gel.	Koste sent/gel.			Naam van Sentrum	Produk- sie milj. gel.	Koste sent/ge		
		P	D	V			P	D	V			P	D	V
1. B.B.K. Ngwelezane	0.38	12.5	3.0	9.0	1. Alberton	2.1	8.74	2.06	5.25	1. Potchef- stroom	5.9	6.8	3.1	6.45
2. Glencoe	0.24	13.0	13.0	0.08 <sup>4)</sup>	2. B.B.K. Garankuwa	1.3	10.5	4.5	9.2	2. Springs	5.6	7.1	1.4	-----
3. Lichtenburg	0.37	8.25	1.9	---	3. B.B.K. Thlabane	1.2	9.3	2.0	8.8	3. Durban	26.9	11.5	5.6	5.6
4. Newcastle	0.43	9.95	3.2	---	4. Benoni	4.5	8	2	6	4. Germiston	10.1	7.2	2.8	8.9
5. Paarl	0.42	10.0	1.0	---	5. Bloemfont. <sup>3)</sup>	1.75	10.1	1.5	7.3	5. Johannesburg	24.8	8	3.9	6.7
6. Carltonville	0.95	11.0	3.0	9.0	6. Boksburg	2.5	---	---	13.0	6. Pretoria	17.9	14.6	1.6	4.4
7. Dundee	0.83	9.4	3.3	8.6	7. Brakpan	1.4	10.7	2.4	8.7	7. Buite Ste- delike Raad	11.6	7.7	2	7.4
8. Escourt	0.78	---	---	4.0	8. Ermelo	1.2	---	2.8	7.1		102.8			
9. Kaapstad	0.98	---	2.54	10.94	9. Kimberley	2.1	9	2.6	9.4	Gemiddelde Koste	8.98	2.91	6.57	
10. Kroonstad	0.59	8	1.5	7.0	10. Klerksdorp	1.6	8.0	---	9.4					
11. Ladysmith	0.94	10	2	8	11. Krugersd.	2.8	9.0	2.8	7.8					
12. Potgietersrus	0.59	11.3	0.8	6.3	12. Nelspruit	1.4	9.0	1.0	10.0					
13. Vryburg	0.995	9.1	3.3	7.4	13. Nigel	1.8	9.6	5.1	10.3					
14. Vryheid	0.57	8.2	2.75	9.4	14. Oos-Londen <sup>3)</sup>	1.1	13.1	2.5	8.5					
TOTAAL	9.065				15. Pietersb.	2.4	11.7	1.0	7.35					
Gemiddelde koste		10.1	2.36	7.96	16. Pieterm.b.	2.6	7.6	1.9	---					
					17. Pinetown	1.15	7.35	2.5	7.6					
					18. Randfontein	1.45	---	12 ?	---					
					19. Roodepoort	4.0	7	2	9					
					20. Standerton	2.4	7.6	1	7.7					
					21. V/D Bijlp.	4.0	9	0.5	4.6					
					22. Vereeniging	4.1	8.7	1.2	7.0					
					23. Welkom	3.2	9.3	3.5	9.0					
					24. Witbank	2.5	8.8	1.8	7.85					
					Gemiddelde koste	54.55								
							9.14	2.2	7.7					

1) Arbitrêre indeling. 2) P = Produksie (Brou) Koste. D = Distribusiekoste (Verkoops en Vervoerkoste) V = Verpakkingskoste. 3) n Privaatmaatskappy vervaardig die biermengsel en verkoop dit dan aan die munisipaliteit. 4) Klein brouerye het 5.4% van totale produksie opgelewer; middelslag brouerye het 32.8% van die totale produksie opgelewer en groot brouerye het 61.9% van die totale produksie opgelewer.

n Ontleding (sien tabel 2.5) van die produksiestatistiek bring aan die lig dat 62,5 persent van alle bantobier in Suid-Afrika gebrou in slegs sewe groot sentra van die land verbruik word. Nog insiggewender is die feit dat in Johannesburg en Durban alleen 31% van alle bantobier wat in die land geproduseer word, gedrink word. Hierteenoor is die totale verbruik van die veertien kleinste sentra (wat bierbrouerye het) slegs 5.5% van die totale produksie. Die produksie van 24 gebiede met middelslagbrouerye is daarby net effens meer as die helfte van die produksie van die sewe grootste sentra.


Grafieke 2.5 en 2.6 lig hierdie feit duideliker uit.

.....27/.....

Grafiek 2.5

Getalle van brouerye verdeel in

- a) klein brouerye
- b) middelslag brouerye
- c) groot brouerye




Grafiek 2.6

Jaarlikse produksie van brouerye in miljoen gellings

(1969/70) volgens

- a) klein brouerye
- b) middelslag brouerye
- c) groot brouerye



Loots<sup>21)</sup> bereken dat die gemiddelde verbruik van bantoebier per capita van die Bantoebevolking in die munisipalegebiede van Suid-Afrika gedurende die jare 1957 tot 1968 gemiddeld 32.1 gelling was, terwyl die gemiddelde besteding R6,43 per capita per jaar was. Gebaseer op hierdie syfers beraam hy 'n potensiële mark vir bantoebier in Bantoegebiede (wat tans nie deur die bedryf bedien word nie) van byna R34 miljoen per jaar.

---

21) Loots, H.J. op.cit, p.43.

HOOFSTUK 3

DIE VRAAG NA BANTOEBIER

3.1 Inleiding

Dit is bekend dat die Bantoe reeds vir eeue oor die kennis beskik om bier van lae alkoholiese inhoud te brou. In sy stamverband het die Bantoe bantoebier meestal net by spesiale geleenthede verbruik. Bantoebier is ook meer as n voedsel as n drank beskou. Met die toenemende verstedeliking van die Bantoe gedurende die twintigste eeu het die verbruikspatroon verander en het die klem by die verbruik van bantoebier verskuif en word dit tans meer as n drank beskou.

Waar tuisbrouery n tradisionele gewoonte was en bier nooit verkoop is nie, het die verstedeliking van die Bantoe en die verandering in sy vraag na bantoebier, daartoe gelei dat bantoebier al meer n handelsartikel geword het. Sjebeenkoninginne het Bantoes uitgebuit deur swak gehalte drank aan hulle teen hoë pryse te verkoop. Om hierdie ongewenste toestand die hoof te bied, het al meer plaaslike owerhede eie brouerye opgerig sodat hulle voedsame bier teen lae pryse aan Bantoes kon verskaf. Terselfdertyd kon die winste op bantoebier weer vir die welsyn van die Bantoebevolking aangewend word.<sup>22)</sup>

---

<sup>22)</sup> Verwys par. 5.5

Na die Tweede Wêreldoorlog het die brou van bantobier deur munisipale owerhede geweldig toegeneem - tot so n mate dat meer as 180 miljoen gellings bantobier in die boekjaar geeïndig 30 Junie 1972 ter waarde van meer as R45 miljoen geproduseer is. Dit blyk dus duidelik dat die bantobierbedryf reeds sy kinderskoene ontgroeï het en dat daar n geweldige vraag na bantobier in die land bestaan.

### 3.2 Die tradisionele plek van bantobier by Bantoes in stamverband

Die verbruik van bantobier deur Bantoes staan tradisioneel in nou verband met sekere sosiale en religieuse gebruike en tradisies. Van die wieg tot die graf (en selfs daarna) het bantobier n rol in die Bantoe se lewe gespeel.

- 1) By sekere rituele: By die brou van bantobier moes sekere rituele gevolg word en hierdie bier is dan gebruik as offerande om bose geeste tydens siektes en epidemies te paai. Die voorvaderlike geeste kon ook alleen aan geoffer word as die offerhande bantobier insluit. Dit is ook gebruik by die viering van n geboorte, by geleentheid van n begrafnis en by huwelike.
- 2) Onthaal van belangrike gaste: Wanneer belangrike gaste die Kaptein besoek, was dit die gebruik om die besoeker bantobier aan te bied. Die besoeker mag hierdie uitnodiging nie van die hand wys nie, maar kon nadat hy van die bier gedrink het, die res laat staan. Tradisioneel sal die Kaptein verskoning aanbied oor die gehalte van die bier. Die Kaptein sal ook eerste drink om te toon dat die bier drinkbaar is.

- 3) Om werk gedoen te kry: Alhoewel bantobier tradisioneel nooit verkoop is nie, was dit die gewoonte van 'n Bantoe kaptein, om as hy sekere werk gedoen wil kry, sy brouers aan te sê om bier te brou en terselfdertyd boodskappers na die jongmanne van die omgewing te stuur en hulle te laat weet dat hy 'n kraal wil bou, of nuwe hutte, of wat hy ook al gedoen wil hê. Hierdie vrywillige werkers het geweet dat hulle nie betaal sou word nie, maar die vooruitsig om deel te hê aan die fees nadat die werk voltooi is, was gewoonlik voldoende aanmoediging. Aangesien die drinkery nie kon begin voordat die werk voltooi is nie, is baie hard gewerk.
- 4) Gewoonte, tradisie en status: Die brou van smaaklike bantobier was deel van die tradisionele Bantoe vrou se opleiding. Om dit goed te kon doen was haar plig en ook haar trots. Die gebruik van bantobier het tot 'n groot mate die plek van vaster voedselsoorte ingeneem en ter wille van gesellige samesyn het huishoudings dikwels vir die groter gemeenskap van hul omgewing gebrou. Uitnodigings is as vanselfsprekend aanvaar en dit het status aan die kraalhoof verleen veral as die gaste gehou het van die bier wat sy vrou gebrou het.
- In die stamverband was dronkenskap 'n groot skande. Daar is nooit gedrink net om 'n dranklus te bevredig nie. Deel van die tradisionele inisiasie-skoling van jong Bantoes was om die deugde van matigheid aan hulle te leer.

3.3 Die plek wat bantoebier vandag in die lewe van die stedelike Bantoe speel en hoekom bantoebier gedrink word

Dit moet onmiddellik gesê word dat die stedelike Bantoe vandag tot n groot mate los is van sy stamverband en nie as n heterogene groep gesien kan word nie. Loots<sup>23)</sup> verwys na n artikel deur Sachs en onderskei gerieflikheidshalwe, wat drinkgewoontes betref, tussen drie groepe stedelike Bantoes:

- a) Die ouer garde wat sterk tradisie-gebonde is. Hulle vorm die onderste laag van die sosiale struktuur en drink daaglik bier wat deur die munisipale brouerye gebrou is. Hulle drink dit in die biersale sowel as tuis. Omdat stamgebruike nie by die onwettige drinkplekke gerespekteer word nie, ondersteun hulle nie die onwettige verkopers nie.
- b) Die tweede groep beweeg in die hoër sosiale kringe en gebruik alle soorte alkoholiese drank, maar het n voorkeur vir Blanke drank. Hulle is nie sulke gereelde drinkers as die vorige groep nie.
- c) Die derde groep is die jonger werkende klas wat die biersale blykbaar as plek van ontspanning besoek. Hulle besoek die biersale daaglik en spandeer n groot deel van hul inkomste daar.

---

23) Loots, H.J. Die Brou en verkoop van bantoebier in die Bantoegebiede van Suid-Afrika, M.Com verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1969, p. 28-29.



Sover dit die redes waarom hy bantobier drink betref, het tradisie in die stedelike milieu grootliks verdwyn en word bantobier om ander redes as die tradisionele verbruik. Soos hieronder gesien kan word, het die deursnee Bantoe in die stede tog nog enkele van die ou opvattinge oor bantobier oorgehou.

Bantoes in die stedelike gebiede verbruik vandag Bantobier veral om die volgende redes:

- 1) Ontspanning: Loots<sup>24)</sup> wys daarop dat die jonger werkende klas Bantoe se gedrag sterk ooreenkom met die van York (Engeland) aan die begin van hierdie eeu. Die gebrek aan ontspanningsgeriewe in die bantodorpe dryf die Bantoes na die biersale. Hier is geselskap en kan hulle gesellig saam verkeer. Biersale sowel as sjebeens voldoen aan hierdie vereiste. Alf Gwebu<sup>25)</sup>, 'n Bantoejoernalis beskryf 'n sjebeen as 'n klub wat aan 'n sosiale behoefte voldoen. Hy sê dit is 'n plek waar mense van dieselfde klas of aansien vrywillig bymekaar kom om te ontspan en oor 'n glas bantobier "hoogs geheime" gesprekke voer. Dit is 'n oorblyfsel uit die plattelandse Bantoelewe met die verskil dat die drank daar gratis deur die sameroeper van die "indaba" voorsien is.

---

24) Loots, H.J., op. cit., p. 29

25) Gwebu, Alf. Sjebeen, G'n nes van Onheil, maar 'n sosiale klub, Die Vaderland, 27 Junie 1968.

2) Voedsel: Die verbruik van bantoebier as voedsel het in onlangse jare minder ondersteuning onder Bantoes geniet. Toetse wat deur die Bantoebeleggingskorporasie uitgevoer is met vier monsters bantoebier<sup>26)</sup> het aan die lig gebring dat Bantoes voorkeur gegee het aan die bier met 'n hoër alkoholinhoud en laer persentasie proteïne en vaste stowwe. Dit kan egter nie ontken word dat bantoebier as sulks voedsaam is nie.

Burger<sup>27)</sup> sê dat bantoebier per pint van 20 onse 203 kalorieë bevat teenoor 314 kalorieë van vars melk met 3.2 onse bottervet. Hy sê verder dat dit 'n goeie byvoeging van vitamies B en C tot die gewone Bantoe-dieët is, terwyl vasgestel is dat dit skeurbuik verhoed en baie goed is vir tuberkuloselyers. Dit is egter betwyfel of Bantoes bantoebier in die eerste plek drink omrede die voedsaamheid daarvan.

3) Vir die alkoholinhoud: Alhoewel sommige administrateurs van nie-blanke aangeleenthede beweer dat bantoebier se hoë voedingswaarde en lae alkoholinhoud per volume dit byna fisies onmoontlik vir 'n Bantoe maak om van behoorlik geprosesseerde bantoebier dronk te word, word nie ontken dat Bantoes ook bier drink omrede die aangenaamheid van die alkohol daarin nie.

Steenekamp<sup>28)</sup> wys daarop dat bantoebier vir die jongere

---

26) Loots, H.J., op cit., p. 38.

27) Burger, J.A., op cit., p. 88.

28) Steenekamp, T.J., op. cit., p. 146.

geslag stedelike Bantoes as drank belangriker is as voedsel. Hy sê verder dat dit n "swaar" dranksoort is wat eerder n kalmerende en slaap stimulerende uitwerking het as wat dit die verbruiker oproerig maak.

Lewis<sup>29)</sup> stem nie hiermee saam nie. Hy verwys na Orpen wat sou gesê het dat "whenever natives drink Kaffir beer it is for the purpose of getting drunk. He says it has only one quality that can attract any human being and that is its alcoholic quality."

Soos gesien kan word, is daar groot meningsverskil oor waarom Bantoes bantoebier drink. Burger<sup>30)</sup> wys dan ook daarop dat dit aangeprys word as n noodsaaklike en voedsame voedsel en terselfdertyd veroordeel word as n vergif wat Bantoes se sedelikheid en lewenskrag ondermyn. "Dit word deur baie beskou as n waardevolle middel teen skeurbuik, ryk aan vitamines, wat selfs deur geneeshere voorgeskryf word vir blankes wat aan ingewandskwale ly; en dit word deur ander beskou as n onnodige bedwelmende drank waarvan die gebruik deur die Staat gewild gemaak en aangemoedig is.<sup>30)</sup> Burger self reken dat die verskaffing en verbruik van bantoebier in die jare na die aanname van die Wet op Bantoebier van 1962 eerder positief gesien moet word.

---

29) Lewis, S., "Kaffir Beer Halls - the failure of an experiment", Johannesburg, 1941, p. 14.

30) Burger, J.A., op. cit., p. 88.

- 4) Seremoniële gebruike: Die rol, wat bantoebier in die lewe van die stedelike Bantoe speel, is heel anders as wat dit tradisioneel in stamverband was. Ou gebruike soos bier vir offerande, as gebaar van goeie gesindheid teenoor besoekers en as betaalmiddel het heeltemal verdwyn. Sommige seremonies bly egter voortbestaan. So is dit gebruik by meeste troues onder Bantoes (selfs meeste Christelike troues) dat bantoebier daar bedien moet word. Dikwels word koek en tee eers bedien en daarna kom die bier aan die beurt. Vir die deftiger gaste word die bier dikwels uit die teepot geskink.

Bantoebier word ook tydens verskeie feestelike geleenthede gedrink. Die geboorte van 'n kind, byvoorbeeld, moet gevier word. Selfs gaste wat nie bantoebier drink nie, sal die beker voor hul mond hou en maak asof hulle drink alvorens hulle dit verder aanee.

'n Merkwaardige nuwe gewoonte het ook ontstaan deurdat 'n makker se ontslag uit die tronk ook met 'n bierparty gevier word.<sup>31)</sup> Aangesien so baie al in die tronk was, word geen stigma daaraan geheg nie en word die ontslane makker op hierdie wyse verwelkom.

- 5) Omdat dit goedkoop is: Die prys van bantoebier was vir meer as twintig jaar twintig sent per gelling vir losbier. Vir vyf sent kon 'n kwart bantoebier by die biersaal gekoop word. Verhogings sedert metrisering

---

<sup>31)</sup> Bang, D.N., op. cit., p. 63.

wat die prys van bantobier op 5 sent per liter te staan gebring het, word klaarblyklik nie deur die Bantoe as 'n verhoging ervaar nie.<sup>32)</sup> Geen ander voedsel of drank kan in gelyke hoeveelheid vir vyf sent gekoop word nie. Hierbenewens moet onthou word dat die pryse van alle ander soorte voedsel en drank gedurende die jare geweldig gestyg het. In verhouding het bantobier dus eintlik goedkoper geword. Die massas kan dit dus maklik bekostig en hierdie rede dra grootliks by tot die verbruik daarvan.

- 6) Maklik beskikbaar: Behalwe sekere openbare vakansiedae, is bantobier in die bantoe woonbuurtes elke dag van die week beskikbaar. In 'n bantoe woonbuurt is gewoonlik meer as een verspreidingspunt waar dit gekoop kan word. Biersale en depots is saans tot minstens 6 nm. (Saterdaggaande later) oop en dit stel die Bantoe wat van die werk af kom in staat om nog eers 'n draai by die biersaal te maak. Vrouens wat nie werk nie, kan sonder probleme bedags bier vir tuisverbruik by die depots gaan koop.

Die huidige verpakking van bantobier in plastiese kartonne en bottels maak verspreiding ook maklik. In die blanke gebiede (waar talle Bantoes bedags werksaam is) is bantobier in plastiese bottels by meeste drank-

---

<sup>32)</sup> Verwys par. 4.6.

winkels beskikbaar. Dit kan ook maklik saamgeneem word om gedurende die etensuur te drink.

- 7) Ander oorwegings: Die Bantoe redeneer natuurlik anders as blankes oor verskillende sake. Sommige oorwegings waarom Bantoes bantoebier brink, mag vir blankes irrasioneel voorkom, maar vir die Bantoe is dit dodelike erns. Volgens Bang glo sommige Bantoes dat 'n sekere Bantoe wat vanweë sy krag algemeen bekend is, sy krag aan die gereelde verbruik van bantoebier te danke het. Van hulle glo dat verbruik van bantoebier goeie gesondheid, liggaamsbou en goeie gesindheid ("goodwill") tot gevolg het.<sup>33)</sup>

Dit het selfs al gebeur dat Bantoes buitengewone waarde aan bantoebier as seksuele stimulant toegedig het. In 'n artikel in "Drum"<sup>34)</sup> word melding gemaak dat verskeie Bantoes glo dat Pretoriase bantoebier sulke mistieke gawes het.

In 'n opname<sup>35)</sup> oor die motief vir bantoebier verbruik, is bevind dat Bantoes behalwe die motiewe hierbo genoem, ook die volgende antwoorde verstrek het: "omdat dit lekker maak, omdat dit dors les, omdat die ouers drink, omdat vir die geeste van die voorvaders gedrink word, om van bekommernisse ontslae te raak, om bly te word,

---

33) Bang, D.N., op. cit., p. 61

34) "Motjuwadi, Stanley" Pretoria's K.B. - What does it do to you?" Drum, September, 1968.

35) Miles, J.D., op. cit., p. 43.

om meer moed te kry, om nie bang te wees nie, en  
om van n gevoel van minderwaardigheid ontslae te  
raak.

HOOFSTUK 4

n Vergelyking van die vraag na bantoebier met die vraag na blanke drank en n ontleding van die ~~vraag~~ na bantoebier in die Vereeniging-gebied.

4.1 Die vraag na bantoebier in vergelyking met die vraag na blanke drank onder Bantoes

4.1.1 Inleiding

Blanke drank is eers sedert 15 Augustus 1962 wettiglik deur Bantoes bekombaar. Voor hierdie datum kon Bantoes dit alleen op onwettige wyse bekom.

Die beskikbaarstelling van blanke drank aan Bantoes het die Bantoe voor die keuse gestel om in sy drankverbruik tussen bantoebier en blanke drank te kies. Vir die eerste keer kon blanke drank wettiglik as substituuat vir bantoebier gekoop en verbruik word. Vir die bantoebierbedryf was die beskikbaarheidstelling van blanke drank aan Bantoes n belangrike gebeurtenis. Vir jare is gevrees dat dit die ondergang van die bantoebierbedryf sou beteken. Om hierdie rede word die gebeurtenis en die invloed wat dit op bantoebierverkope gehad het en nog het, hieronder ontleed.

4.1.2 Die invloed van die beskikbaarstelling van blanke drank op die vraag na bantoebier

Die beskikbaarheidstelling van blanke drank aan Bantoes het geensins die munisipale bantoebierbedryf n knou toegedien nie. Inteendeel, landswyd is ondervind dat die



vraag na bantobier sterk toegeneem het. Tabel 4.1 hieronder gee n aanduiding van hoe die vraag na bantobier na beskikbaarstelling van blanke drank toegeneem het. Tot die einde van die 1961/62 boekjaar was slegs bantobier vir Bantoes wettiglik bekombaar. Blanke drank het ses weke na die begin van die 1962/63 boekjaar vir Bantoes beskikbaar geword en tog het die vraag na bantobier gedurende hierdie jaar sterk toegeneem. Gedurende die volgende boekjaar (1963/64) was blanke drank vir die volle tydperk beskikbaar en het die vraag na bantobier nog sterker toegeneem.

.....42/.....

Tabel 4.1 Bantoebierproduksie in Suid-Afrika gedurende die jare  
1959/60 tot 1963/64<sup>36)</sup>

	<u>1959/60</u>	<u>1960/61</u>	<u>1961/62</u>	<u>1962/63</u>	<u>1963/64</u>
Produksie (gellings)	48,655,100	54,668,800	60,728,000	69,103,000	87,451,700
<u>Vermeerdering</u> <u>per jaar</u>					
i) Gellings	4,695,600	6,013,700	6,059,200	8,375,000	18,348,700
ii) As % van vorige jaar se verbruik	10,7	12,4	11,1	13,8	26,6

<sup>36)</sup> Ongepubliseerde statistiek verkry van die Bantoebiernavorsingseenheid,  
W.N.N.R.

Die vraag na bantobier het in die jare hierna steeds sterk toegeneem tot meer as 180 miljoen gellings gedurende die boekjaar 1971/72 (Sien tabel 2.4)

Berekenings wat deur die Bantobiernavorsingseenheid van die W.N.N.R. gemaak is, het verder aan die lig gebring dat dit nie net die totale vraag na bantobier is wat na die beskikbaarheidstelling van blanke drank toegeneem het nie, maar dat die verbruik per capita ook sterk toegeneem het. In tabel 4.2 word die verbruik per capita van die bevolking in Vereeniging vergelyk met dié van Benoni en Pretoria. Hierbenewens word dit ook vergelyk met die gemiddelde per capitaverbruik van die totale bantoebevolking van die land.

.....44/.....

Tabel 4.2

Vergelyking van bantoebier verbruik (in gellings) per capita gedurende die jare 1959/60 tot 1963/64 in verskillende stedelike gebiede<sup>37)</sup>

	<u>1959/60</u>	<u>1960/61</u>	<u>1961/62</u>	<u>1962/63</u>	<u>1963/64</u>
Vereeniging	25,2	23,2	27,3	34,2	51,6
Benoni	25,8	27,0	25,7	28,5	34,2
Pretoria	31,1	29,6	35,2	56,2	75,0
Hele Land	22,7	25,2	27,5	31,3	37,6

<sup>37)</sup> Bron: Bantoebiernavorsingseenheid, W.N.N.R.

.....45/.....

Soos uit tabelle 4.1 en 4.2 gesien kan word, het die beskikbaarheid van blanke drank aan Bantoes nie die vraag na bantobier laat verminder nie. Intendeel, die vraag na bantobier het sterk toegeneem. Die redes waarom die vraag na bantobier toegeneem het (in teenstelling met die vermindering in vraag soos deur alle belanghebbendes verwag) is moeilik om vas te stel. Waarskynlik is dat Bantoes wat voorheen blanke drank ten duurste op die onwettige smokkelmark gekoop het, gevind het dat hulle nou dieselfde hoeveelheid blanke drank as voorheen kon koop en nog ekstra geld oorgehad het vir bantobier. Die feit dat bantobier ook in blanke drankwinkels gekoop kon word het die vraag na bantobier nooit direk baie beïnvloed nie (verkope van bantobier in blanke drankwinkels is minder as 3% van totale verkope) maar het dit indirek waarskynlik veel meer beïnvloed. Deurdat bantobier ook in blanke drankwinkels gekoop kon word, het dit bantobier sielkundig meer aanvaarbaar gemaak vir duisende Bantoes; bantobier het eensklaps groter status verkry (die Bantoes het moontlik geredeneer dat as dit in blanke drankwinkels gekoop kan word, blankes dit ook drink - iets wat op geringe skaal gebeur) en die vraag daarna het toegeneem. Dit is verder moontlik dat die gesegde: "Verbode vrugte smaak die lekkerste" ook hier van toepassing is en dat die vraag na blanke drank wat nou wettiglik bekombaar was minder intensief geword het omdat dit nie meer verbode was nie.

4.1.3 Die invloed van prysverhogings van blanke drank op die vraag na bantobier

Alle amptenare van die munisipale brouery en nie-blanke sake afdeling het aan skrywer getuig dat Bantoes wat gewoonweg net blanke drank koop, bantobier koop "wanneer hulle nie geld het nie", bedoelende met laasgenoemde uitdrukking daardie tye van die week of maand wanneer die betrokke Bantoes se geld beskikbaar om drank te koop maar min is. Ook is aan skrywer getuig dat talle Bantoes wat normaalweg bantobier verbruik, dikwels wanneer hulle pas hul loon ontvang het hul drankverbruikspatroon verander en vir 'n kort tydperk oorskakel na blanke drank.

Uit hierdie getuienis sou mens verwag dat bantobier en blanke drank vir die onderskeie Bantoeverbruikers wat voorkeur aan een van die twee soorte drank gee, eintlik ook as substitute van die ander een beskou moet word. Mens sou verwag dat Bantoes wat normaalweg bantobier drink na blanke drank mag oorskakel wanneer hul geldelike posisie dit toelaat, terwyl Bantoes wat normaalweg blanke drank verbruik sal oorskakel na bantobier gedurende tye wanneer hulle platsak is. 'n Ondersoek na die verbruikspatroon van alkoholiese drank volgens inkomstegroepe wat deur Miles<sup>38)</sup> gedoen is, toon dat Bantoes in die laer inkomstegroepe hoofsaaklik bantobier verbruik, terwyl die verbruik van blanke drank styg na mate 'n hoër inkomste verdien word.

---

38) Miles, op. cit., p. 73

Uit voorgaande sou n hipotese dat n styging in die prys van blanke drank sou lei tot n verhoging in die verbruik van bantobier, dus nie vergesog wees nie. Mens sou dit stellig kon verwag. Statistiese gegewens wat beskikbaar is, bevestig egter nie hierdie vermoede nie. Nieteenstaande n skerp styging in die prys van blanke drank (hierdie was seker die skerpste styging in die prys van blanke drank wat nog ooit in Suid-Afrika ondervind is), het verkope daarvan nie skerp gedaal na die verhoogde drankpryse na die 1971 begroting nie. Die verkope van bantobier het ook geen skielike toename getoon nie. In vergelyking met die ooreenstemmende maande van vorige jare het bantobierverkope in die Vereenigingse Munisipale gebied skynbaar slegs sy "normale" groei gehandhaaf terwyl geen skerp afname in blanke drankverkope bevestig kan word nie. Tabel 4.3 toon die maandelikse prysindeksyfer vir blanke alkoholiese drank in die Vaal-driehoek, teenoor die verkope van bantobier en blanke drank in die Vereenigingse Bantoewoongebiede. Vergelykende drankverkope van vorige jare word in tabel 4.4 uiteengesit.

Tabel 4.3      Vergelyking van die maandelikse prysindekssyfer vir  
blanke drank<sup>39)</sup> in die Vaal-driehoek teenoor ver-  
kope van blanke drank<sup>40)</sup> en bantoebier<sup>40)</sup> in die  
Vereenigingse bantoewoongebiede


Maand	Prysindekssyfer vir alkoholiese drank	Blanke drank-verkope (R)	Bantoebier verkope (R)
<u>1970</u>			
April	100	28 343	70 360
Mei	100	39 361	74 869
Junie	100	27 316	66 667
Julie	99,9	29 473	68 041
Aug.	99,9	38 837	71 053
Sept.	99,9	32 506	70 991
Okt.	99,8	38 784	75 281
Nov.	99,8	31 662	69 704
Des.	99,8	35 808	75 514
<u>1971</u>			
Jan.	99,9	32 353	71 713
Feb.	104,0	30 283	68 101
Maart	104,0	37 830	75 308
April	117,8	38 127	76 169
Mei	124,8	35 219	76 296
Junie	124,8	34 127	71 026

39) Bron: Dept. van Sensus en Statistiek, Pretoria

40) Bron: Direkteur van Nie-blanke Aangeleenthede, Vereeniging.



Grafiek 4.1 Prysindexsyfers vir alle alkoholiese drank in vergelyking met maandeliks verkope van blanke drank en bantoebier (volgens waarde) in die Ver- eenigingse Bantoewoongebiede - April 1970 tot Junie 1971.



Uit tabel 4.3 blyk duidelik dat die skerp toename in die prys van alkoholiese blanke dranksoorte gedurende April en Mei 1971 nie verkope van blanke drank laat daal het nie. In vergelyking met vorige jare het verkope selfs 'n effense styging getoon. Die styging in bantoebierverskope gedurende hierdie tyd is ook nie buitengewoon nie. Waar die styging in blanke drankpryse die skerpste is wat in jare plaasgevind het, is die geringe invloed op die verbruikspatroon insiggewend. 'n Faktor wat egter in aanmerking geneem moet word, is dat blanke bier en ligte wyne se pryse nie deur die begroting geraak was nie, en dat die skerp styging in die indekssyfer veral te wyte was aan stygings in die pryse van spiritualieë. Waar talle Bantoes wat blanke drank verkies, veral bier en ligte wyne verbruik, sou hulle nie erg deur die verhoogde pryse geraak gewees het nie. Dit is egter 'n feit dat 'n groot getal Bantoes ook spiritualieë verbruik en dat die styging in die pryse van blanke drank dus tog 'n groot getal verbruikers moes geraak het. Uit die syfers wat beskikbaar is, wil dit voorkom asof die hoeveelheid blanke drank wat gedurende die tydperk wat op die prysstyging gevolg het, moontlik effens kon afgeneem het, maar dat die bedrag geld wat aan blanke drank spandeer is, beslis nie afgeneem het nie.

4.1.4 Die waarde van bantoebierproduksie deur die munisipaliteit van Vereeniging teenoor die waarde van blanke drank in munisipale drankwinkels verkoop.

In die vergelyking tussen die verkope van bantoebier en

blankedrank in die bantoewoongebiede moet die feit dadelik gestel word dat Bantoes ook blanke drank buite die Bantoedorpsgebiede in blanke drankwinkels koop. Sulke verkope is nie hier in berekening gebring nie. Dit moet egter bygevoeg word dat blanke drank in die munisipale drankwinkels effens goedkoper is as in die blanke drankwinkels en dat munisipale amptenare van mening is dat meeste blanke drank by die munisipale drankwinkels gekoop word. Daar word egter gewaarsku dat die munisipale drankwinkels nie aan prysoorloë deelneem nie en dat die prys van sommige blanke dranksoorte tydens sulke prysoorloë tydelik laer as die prys van dieselfde dranksoorte in die munisipale drankwinkels mag wees.

Tabel 4.4 Vergelyking van blanke drankverkope (se waarde) in munisipale drankwinkels in Vereenigingse bantoewoon-gebiede teenoor die waarde van die totale bantoebier-produksie<sup>41)</sup>

Maand en Jaar	Blanke drank (R)	Bantoebier (R)
Julie 1967	27 108	52 822
Aug. 1967	27 387	53 264
Sept. 1967	32 256	59 627
Okt. 1967	31 910	59 350
Nov. 1967	30 755	57 099
Des. 1967	45 904	68 055
Jan. 1968	24 331	57 333
Feb. 1968	30 524	59 594
Maart 1968	36 128	69 421
April 1968	33 689	62 807
Mei 1968	39 691	66 232
Junie 1968	37 960	53 485
Julie 1968	34 818	58 712
Aug. 1968	41 997	69 539
Sept. 1968	35 006	65 504
Okt. 1968	39 036	71 495
Nov. 1968	45 077	72 526
Des. 1968	63 277	76 781
Jan. 1969	36 220	64 604
Feb. 1969	24 408	61 462
Maart 1969	33 946	65 900
April 1969	26 454	61 672
Mei 1969	31 203	65 858

41) Bron: Direkteur van Nie-blanke Aangeleenthede, Vereeniging .....53/..




---

Maand en Jaar	Blanke drank (R)	Bantobier (R)
Junie 1969	25 941	58 891
Julie 1969	27 049	62 964
Aug. 1969	39 970	70 432
Sept. 1969	31 290	67 493
Okt. 1969	33 180	74 674
Nov. 1969	43 592	76 742
Des. 1969	40 724	83 089
Jan. 1970	31 809	73 810
Febr. 1970	29 820	68 594
Maart 1970	32 464	77 312
April 1970	28 343	70 360
Mei 1970	39 361	74 869
Junie 1970	27 316	66 667
Julie 1970	29 473	68 041
Aug. 1970	38 837	71 053
Sept. 1970	32 506	70 991
Okt. 1970	38 784	75 281
Nov. 1970	31 662	69 704
Des. 1970	35 808	75 514
Jan. 1971	32 353	71 713
Febr. 1971	30 283	68 101
Maart 1971	37 830	75 308
April 1971	38 127	76 169
Mei 1971	35 219	76 296
Junie 1971	24 127	71 026

---

Diagram 4.1

Voorstelling van korrelasie tussen stygings en dalings in bantobier en blanke drankverkope

		getal maande
Getal maande waarin verkope van beide blanke drank en bantobier gestyg het in vergelyking met die voorafgaande maand se verkope.		23
Getal maande waarin verkope van beide blanke drank en bantobier laer was as die voorafgaande maand se verkope.		20
Getal maande waarin bantobierverkope teenoor die voorafgaande maand se verkope gestyg het, terwyl blanke drankverkope teenoor die voorafgaande maand se verkope gedaal het.		4

n Korrelasie van meer as 0,8 bestaan tussen die verbruik van blanke drank en die vraag na bantoebier. Dit blyk dat die hoeveelheid bantoebier verbruik gedurende 27 van die 47 maande hierbo gestyg het bo die vraag na die vorige maand, terwyl die waarde van blanke drank verbruik gedurende 23 van hierdie 27 maande ook toegeneem het. Die twintig maande, wat die vraag na bantoebier laer was as die vorige maand se verbruik, was die waarde van blanke drankverkope ook laer. Gedurende slegs vier van die 47 maande het verkope van bantoebier stygings getoon terwyl verkope van blanke drank dalings getoon het. In geen enkele geval waar die vraag na bantoebier gedaal het, was die teenoorgestelde neiging ten opsigte van blanke drank die geval nie.

Die skerp styging in die vraag na blanke drank gedurende Desember van elke jaar is opmerklik. Desember 1970 was hier die uitsondering en is waarskynlik te wyte aan n prysoorlog (omdat net ten opsigte van sommige dranksoorte prysoorlog gevoer is, is die drankprysindekssyfer nie veel beïnvloed nie - sien tabel 4.3) wat gedurende hierdie tyd tussen blanke drankwinkels in Vereeniging gewoed het. Hierdeur het baie Bantoes eerder drank vanweë die goedkoper pryse en die advertensieveldtogte wat daarmee saamgegaan het, by blanke drankwinkels gekoop. Die vraag na bantoebier styg gedurende Desember minder skerp, maar daal ook nie so skerp in Januarie nie. Amptenare van die stadsraad van Vereeniging skryf dit daaraan toe dat hulle

huurders van munisipale huise gedurende Desember bietjie "oorsien" wat die betaling van huishuur betref. Wanneer Bantoes in Januarie of Februarie die agterstallige huishuur moet betaal, spandeer hulle heelwat minder aan blanke drank, en alhoewel hulle ook heelwat minder bantobier koop, koop hulle in verhouding nie soveel minder nie, omdat die bantobier goedkoper as blanke drank is. Sommige Bantoes wat blanke drank sowel as bantobier verbruik, kan gedurende hierdie maande net bantobier bekostig.

By die vergelyking van blanke drankverkope teenoor bantobierverkope is dit ook opmerklik dat waar verkope aan die begin van die tydperk onderskeidelik maandeliks onder R30 000 en R60 000 was, het die verkope van bantobier sterker toegeneem as die verkope van blanke drank. So is verkope van bantobier sedert Augustus 1968 konstant (met die uitsondering van Junie 1969) hoër as R60 000 en sedert Oktober 1969 gewoonlik heelwat bo R70 000 per maand was, terwyl die verkope van blanke drank gedurende dieselfde tydperk agt keer onder R30 000 gedaal het. Hierbenewens is die styging in die gemiddelde verkope van blanke drank gedurende die vier jaar heelwat swakker as die styging in bantobierverkope. As in aanmerking geneem word dat die prys van Bantobier gedurende die tydperk baie min verander het terwyl die prys van blanke drank verskeie kere verhoog is, is dit nog duideliker dat die styging in die hoeveelheid bantobier verbruik veel skerper is as die styging in die hoeveelheid blanke drank gedurende dieselfde tydperk.



4.1.5 Enkele afleidings wat gemaak kan word by ontleding van blanke drankverkope teenoor bantoebierverkope

Alhoewel statistieke nie deurgaans beskikbaar is om alles volkome te bewys nie, kan die volgende afleidings tog gemaak word wanneer blanke drankverkope en bantoebierverkope met mekaar vergelyk word:-

- i) bantoebierverkope het na die beskikbaarstelling van blanke drank aan Bantoes nie gedaal soos wat algemeen verwag is nie.
- ii) nieteenstaande populêre mening bestaan daar geen bewyse dat Bantoes wat gewoonlik blanke drank verbruik bantoebier as substituuat vir blanke drank beskou nie. n Skerp styging in die pryse van blanke drank na die Maart 1971 begroting het nie blanke drankverkope laat daal of Bantoebierverkope laat styg nie.
- iii) Die gevolgtrekking wat uit (i) en (ii) hierbo gemaak kan word is dat die vraag na bantoebier betreklik onafhanklik is van die vraag of prys van blanke drank en andersom. Verbruikers wat n vraag vir die een dranksoort ontwikkel het, swaai blykbaar nie maklik oor na die ander dranksoort nie.
- iv) Daar bestaan n hoë korrelasie tussen die maandelikse verkope van bantoebier en blanke drank.
- v) Oor n tydperk van enkele jare is daar in die Vereenigingse Bantoewoongebiede n skerper styging in die hoeveelheid bantoebier verbruik as in die hoeveelheid blanke drank verbruik ondervind.

vi) Gedurende November en Desember (voor en gedurende Kerstyd) styg die vraag na blanke drank skerper as die vraag na bantobier, terwyl die afname in die vraag na bantobier weer veel minder gedurende Januarie van elke jaar is.

#### 4.2 Seisoensverskynsels in die vraag na bantobier

##### 4.2.1 Die belangrikheid van seisoensverskynsels in die bantobierbedryf

In die produksie van bantobier is dit nodig om seisoensfluktuasies in die vraag na bantobier in aanmerking te neem. Dit is wenslik dat bantobier altyd by die verkoopsunte gedurende normale ure<sup>42)</sup> beskikbaar moet wees. n Tekort aan bantobier by hierdie punte hou die wesentlike gevaar van smokkelhandel en die brou van allerlei onwenslike en ongesonde brouesels in. Kenners is van mening dat selfs n tekort wat net gedurende enkele besoeke van n bierkoper ondervind mag word, die betroubaarheid van die munisipale brouery as bierverskaffer in die oë van Bantoeverbruikers sal verminder. Honderde Bantoes wat munisipale bier in munisipale biersale of tuis verbruik, sal bier gedurende tekorte by onwettige "sjebeens" gaan soek. Hierdeur sal onwettige brouery bevorder word en sal die oogmerke waarom munisipale brouerye ingestel is oor die algemeen nie bevorder word nie.<sup>43)</sup>

---

42) Vanaf Maandag tot en met Saterdag is dit oop vanaf 10h00 tot 18h00. Sondae is dit oop vanaf 14h00 tot 17h00.

43) Verwys Hoofstuk 2.

Ten einde te alle tye bantobier gedurende normale verkoopstye by die verskillende verkooppunte beskikbaar te hê, moet die brouerybestuur seisoensverskynsels in die vraag na bantobier wel deeglik in aanmerking neem. Daar moet as't ware daaglik vooruitgeskat word wat die vraag in die onmiddellike toekoms sal wees sodat die verwagte hoeveelheid bantobier betyds gebrou kan word. Huidige skattingsmetodes is hoofsaaklik op ondervinding van die verlede gebaseer. Die brou en fermenteringsproses van bantobier duur ongeveer 36 uur, met die gevolg dat n verwagte toename in die vraag na bantobier minstens 36 uur vooruit voorsien moet word. Hierteenoor moet ook gewaak word teen die brou van te veel bier aangesien bantobier n leeftyd van hoogstens sewe dae het.

4.2.2 Die vraag na bantobier gedurende verskillende maande van die jaar.

Tabel 4.5 hieronder toon die maandelikse verkope van bantobier (in liters tot die naaste 1 000) gedurende die vyf jaar vanaf Julie 1966 tot Junie 1971. Die produksiesyfers tot Julie 1970 is vanaf gellings na liters omgeskakel.

.....60/.....

Tabel 4.5      Maandelikse produksie van bantoebier deur die  
Stadsraad van Vereeniging gedurende die tydperk  
Julie 1966 tot Junie 1971 (Produksie in '000 liters<sup>44)</sup>

Maand	1966	1967	1968	1969	1970	1971
Januarie		1062	1148	1305	1571	1346
Februarie		1103	1197	1233	1431	1305
Maart		1287	1386	1328	1629	1454
April		1245	1247	1251	1467	1454
Mei		1242	1337	1341	1598	1485
Junie		1256	1071	1202	1418	1373
Julie	1503	1319	1193	1350	1386	
Augustus	1449	1319	1422	1512	1458	
September	1526	1386	1346	1458	1449	
Oktober	1503	1278	1463	1629	1552	
November	1287	1179	1481	1674	1400	
Desember	1422	1440	1535	1791	1539	

<sup>44)</sup> Bron:      Direkteur van Nie-blanke Aangeleenthede,  
 Vereeniging.

Die volgende maandelikse verbruiksindekssyfers<sup>45)</sup> word deur die metode van eenvoudige gemiddeldes verkry:

	Seisoensindeks	Getal maande met vyf Saterdag
Januarie	92,6	2
Februarie	90,6	-
Maart	102,4	2
April	95,8	1
Mei	101,2	3
Junie	91,4	1
Julie	98	2
Augustus	103,8	3
September	104,2	2
Oktober	107,4	1
November	101	2
Desember	111,6	2

Dit sal uit hierdie maandelikse indekssyfers dadelik blyk dat die verbruik gedurende die "kort" maande Februarie, April, Junie, September en November telkens kleiner is as dié van die maand daarvoor of daarna. Hierteenoor is die verbruik gedurende n "lang" maand soos Januarie ook swak. Hierdie kan waarskynlik toegeskryf word aan n teenreaksie op die groot bedrae geld wat gedurende Desember bestee word. Gedurende Januarie

.....62/.....

45) Vir berekeninge sien bylaag 1.


moet opgehoopte skuld (soos o.a. huishuur) betaal word en minder geld is vir drank beskikbaar.

Dit sal ook opgemerk word dat die verbruik gedurende die wintermaande effens swakker is. April tot Julie is verbruik betreklik laag. Dit is egter nie seker of hierdie as 'n seisoensverskynsel (die winter) beskryf kan word nie. April en Julie het gedurende die vyf jaar hierbo genoem elk slegs een keer vyf Saterdag gehad. Gedurende Mei en Augustus (ook koue maande) het drie van die vyf jaar onder bespreking vyf Saterdag gehad en is die indekse vir hierdie maande bo die gemiddelde. Met 'n indekssyfer van 98 was die verbruik so na aan die gemiddelde dat geen afleidings gemaak kan word ten opsigte van Julie nie.

Dit blyk ook dat vakansiedae gedurende 'n maand weinig invloed uitoefen op bantoebierverkope. Gedurende April was daar byvoorbeeld drie vakansiedae (Van Riebeeckdag, Goeie Vrydag en Paas Maandag) maar die indekssyfer is slegs 95,8. Ondersoek het aan die lig gebring dat verkope op en voor openbare vakansiedae (wat Saterdag, Kersfees en Nuwejaar uitsluit) nie veel hoër is as verkope op dieselfde dae gedurende ander weke nie. Hierdie verskynsel is moontlik daaraan toe te skryf dat meeste bantoe werkers (bv. fabriekswerkers, arbeiders, huisbediendes) gedurende meeste openbare vakansiedae werk en dat so 'n vakansiedag dus slegs vir sommige beskore is.

Grafiek 4.2

Maandelijke verbruiksindexsyfers van bantobier  
verkoop deur die Stadsraad van Vereeniging



4.2.3 n Ontleding van die verkope van bantobier gedurende die verskillende dae van die week.

Ten einde die vraag na bantobier gedurende die verskillende dae van die week te ontleed, word die verbruik van die produk in die Sharpeville bantodorp ontleed. Daar is op hierdie bantodorp besluit omdat biersale en bierdepots hier op al sewe dae van die week oop is.<sup>46)</sup> By die bepaling van die daaglikse vraag na bantobier moet dadelik onthou word dat bier by die depots vir tuisverbruik gekoop word en dat baie hiervan waarskynlik eers n dag of twee nadat dit gekoop is gedrink word. Ook moet in aanmerking geneem word dat talle besoekers die dorp gedurende die naweke besoek waardeur die vraag ongetwyfeld gestimuleer word.

---

<sup>46)</sup>Sien voetnota 42.



Tabel 4.6      Verbruik van bantoebier in die Sharpeville  
bantoeorp (tot die naaste 1 000 liters) ge-  
durende die verskillende weksdae vir die tyd-  
perk 2/8/71 tot 12/9/71.<sup>47)</sup>

	Week eindigende 8/8/71	15/8/71	22/8/71	29/8/71	5/9/71	12/9/71
Maandag	14	13	15	13	16	18
Dinsdag	13	13	13	12	15	12
Woensdag	13	13	12	13	16	11
Donderdag	17	16	15	14	18	14
Vrydag	22	25	22	24	26	25
Saterdag	36	34	34	35	37	34
Sondag	14	16	15	17	16	16


Vanaf die gegewens in tabel 4.6 is die daaglikse indekssyfers volgens die metode van eenvoudige gemiddeldes bereken.<sup>48)</sup>

Maandag	79,3
Dinsdag	69,5
Woensdag	69,4
Donderdag	83,3
Vrydag	127,8
Saterdag	187,0
Sondag	83,7

47) Bron: Direkteur van Nie-blanke Aangeleenthede, Vereeniging.

48) Vir berekening sien bylaag 2.

Grafiek 4.3 Daaglikse verbruiksindexsyfers van bantoebierverkope in Sharpeville.



Dit sal dadelik gemerk word dat die vraag van Maandag tot Donderdag laag is, om Vrydag skerp te styg en 'n hoogtepunt op Saterdag te bereik. Sondae daal die vraag weer (waarskynlik omdat biersale en depots korter oop is en omdat bier wat gedurende Vrydag en Saterdag vir tuisgebruik gekoop is, ook Sondae gedrink word). 'n Interessante verskynsel is dat die laagtepunt in bierverkope nie Maandae (die dag onmiddellik na die naweek) is nie, maar dat op Maandae nog aansienlik meer bier as op Dinsdae en Woensdae verkoop word.

#### 4.2.4 Gevolgtrekkings

Uit die ondersoek na seisoensfluktuasies in die vraag na bantobier blyk

- (i) daar is weinig verskil in die verbruik van bantobier gedurende die verskillende maande van die jaar
- (ii) waar bantobierverkope gedurende Desember 'n hoogtepunt bereik, is verkope selfs hier nie buitengewoon hoog nie.
- (iii) Fluktuasies in die vraag na bantobier gedurende die verskillende maande van die jaar kan tot groot mate verklaar word as die getal dae in die maand en veral die getal Saterdag in die maand in aanmerking geneem word.
- (iv) Openbare vakansiedae gedurende die jaar (uitgesonderd Kersdag en Nuwejaarsdag) het weinig invloed op die vraag na bantobier.

- (v) Sover dit die daaglikse vraag na bantoebier betref is dit duidelik dat die vraag Vrydag skerp styg en n sterk hoogtepunt op Saterdag bereik. Die laagtepunt van bantoebierverkope word op Dinsdag en Woensdag ondervind.

4.3 Die rol wat verpakking in die vraag na bantoebier speel

Bantoebier kan as losbier by biersale en bierdepots gekoop word, of dit kan as verpakte bier by bierdepots en drankwinkels gekoop word.


Tabel 4.7 toon watter persentasie van bantoebierproduksie in verpakte vorm deur die stadsraad van Vereeniging verkoop is.

.....69/.....

Tabel 4.7

Ontleding van persentasie bantobier in verpakte vorm deur die Stadsraad van  
Vereeniging verkoop vir die sesmaandelikse periodes geëindig 31/3/65 tot 31/3/71

Sesmaande geëindig	% van totale bantobier in verpakte vorm verkoop	Aard van verpakking
31/3/65	39	Hoofsaaklik plastiese sakkies en n' baie klein hoeveelheid melkbottels.
30/9/65	35	" " "
31/3/66	37	" " "
30/9/66	42	" " "
31/3/67	38	Plastiese sakkies, Plastiese bottels en melkbottels
30/9/67	41	" " "
31/3/68	48	Plastiese 32 onse bottels
30/9/68	61	" " "
31/3/69	62,4	" " "
30/9/69	54	" " "
31/3/70	54	" " "
30/9/70	46	" " "
31/3/71	49	Plastiese liter bottels



Periodes van ses maande geefindig.....

Tot September 1966 was verpakte bier in twee vorms beskikbaar, nl. in melkbottels en in plastiese sakkies. Weens verskeie probleme is nooit meer as 'n paar duisend gellings bantobier in melkbottels verkoop nie en as persentasie van alle verpakte bier wat verkoop is, was dit baie klein. Die plastiese sakkies het ongelukkig die nadeel gehad dat hulle opvoubaar ("collapsible") was en dat bier dus by die klep (wat in alle verpakte bier gelaat moet word sodat drukking nie in die verpakking opbou nie, omdat die gistingproses steeds voortduur) uitgeloop het indien die sakkies nie versigtig hanteer is nie. Weens die morsery, wat byna onvoorkombaar was, was sommige blanke drankwinkels onwillig om bantobier te hanteer. Vir die verbruiker het dit ook probleme geskep by vervoer en hantering. Die gevolg was dat toe in 1967 'n aanvang gemaak is met die verpakking van bantobier in plastiese bottels (hierdie bottels is van stewiger materiaal vervaardig en staan regop sonder om inmekaar te sak) daar dadelik 'n sterk vraag hierna ontstaan het. 'n Masjien wat plastiese bottels vervaardig en vul, is deur die brouery aangekoop en sedert Februarie 1968 is die verkoop van bantobier in plastiese sakkies gestaak en met bier in plastiese bottels vervang.

In tabel 4.7 kan gesien word dat die vraag na verpakte bier skerp gestyg het nadat dit vryelik in plastiese bottels beskikbaar geword het. Later, waarskynlik toe Bantoes aan die plastiese bottels gewoond geraak het (en moontlik besef het dat losbier veel goedkoper is),

het die vraag na verpakte bier as persentasie van die totale vraag effens afgeneem, maar tog nog veel hoër gebly as wat die vraag na bantobier in plastiese sakkies ooit was. Volgens munisipale amptenare is die verpakking baie gewild onder verbruikers (daar is byvoorbeeld geen deposito op die bottel betaalbaar nie) en talle Bantoes hou glo vol dat die bier in die plastiese bottels "sterker" is en van beter gehalte is as die losbier. Laasgenoemde is natuurlik nie waar nie, omdat verpakte bier uit dieselfde opgaartenks verpak word as dié waaruit losbier verkoop word.

4.4 Die vraag na bantobier vir binneverbruik (biersale) teenoor buiteverbruik (depots)

Die vraag na bantobier in die Sharpeville Bantodorp word hier ter ontleding geneem omdat dit die enigste dorp in die Vereeniginggebied is waarvan statistiek oor binneverbruik en buiteverbruik beskikbaar is. Dit is ook die enigste dorp in die gebied waar verbruikers nie deur tekorte, nie-beskikbaarheid of ver afstande gedwing word om die bier te koop wat moontlik nie die verpakking van hul keuse is nie.

In die biersale word bantobier teen vyf sent per liter verkoop. Net volwasse Bantoemans word tot die biersale toegelaat en alleen hulle kan hier kom drink. Die stadsraad probeer om die klem op lughartigheid, sonnigheid (en koelte in die somermaande) en ruimheid te laat val. Verwarming word gedurende die wintermaande aangebring en



oor die algemeen word gepoog om 'n gesellige atmosfeer in die biersaal te laat gedy. Selfbediening is hier van toepassing en daar word in toenemende mate getrag om groter netheid en higiëne, en die gebruik van gemeganiseerde metodes van bediening in te stel en te handhaaf.

By die bierdepots, wat gerieflik dwarsoor die Bantodorp geleë is, word bantobier in plastiese bottels teen sewe sent per liter vir tuisverbruik verkoop. Dit is hoofsaaklik vroue wat die aankoop hier doen as deel van hul huishoudelike verpligtings. Alhoewel bantobier hier duurder is as in die biersale, word meeste drank hier verkoop.

In 'n opname onder 683 Bantoemans en 322 Bantoevrouens gedurende 1964 het die W.N.N.R.<sup>49)</sup> die volgende drinkgewoontes onder Bantoes vasgestel:

- i) Die meerderheid Bantoemans drink alkoholiese drank en bantobier is die mees populêrste.
- ii) Biersaalbesoekers drink meer gereeld as ander, maar spandeer minder per week as die ander aan drank, besoek ook minder "shebeens" en koop ook minder blanke drank.
- iii) Biersale word veral besoek deur die arbeiders en half-geskoolde werkers in die handel en nywerheid.
- iv) Bantoes in die laer sosio-ekonomiese groepe het min tydverdrywe en besoek die biersale vir ontspanning.

---

49) Bron: Bantobiereenheid W.N.N.R.

- v) Die meerderheid Bantoevrouens is nie ten gunste van biersale nie omdat dit hul rol as moeder en huishoudster bedreig.

Tabel 4.8 gee n vergelyking tussen bantoebierverkope in biersale (vir binneverbruik) en bierdepots (vir tuisverbruik) gedurende die boekjaar geëindig 30 Junie 1971.

...75/.....

Tabel 4.8

Vergelyking tussen bantoebierverkope in die Sharpeville bantodorp in biersale en bierdepots vir die tydperk 1 Julie 1970 tot 30 Junie 1971<sup>50)</sup>

Maand	Biersaalverkope (in liters) losbier teen 5c per liter.	Bierdepotsverkope (in liters) - Plastiese bottels teen 7c per liter.
<u>1970</u>		
Julie	233 432	324 414
Augustus	246 808	336 277
September	228 656	335 745
Oktober	248 244	368 163
November	224 464	359 869
Desember	220 652	384 187
<u>1971</u>		
Januarie	214 736	351 833
Februarie	205 944	336 828
Maart	266 988	360 965
April	221 440	372 964
Mei	234 012	365 266
Junie	198 196	316 968
	<u>2 743 472</u>	<u>4 213 479</u>

<sup>50)</sup> Bron: Direkteur,  
Afdeling van Nie-  
blanke aangeleent-  
hede, Stadsraad  
van Vereeniging.

Uit tabel 4.8 blyk dit dat bierdepotverkope vir elke maand hoër was as biersaalverkope. Oor die tydperk as geheel het bierdepotverkope 60,6 persent van die totale verkope uitgemaak en biersaalverkope slegs 39,4 persent. 'n Interessante verskynsel is die oënskynlik lae biersaalverkope gedurende Desember 1970. Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die biersale op twee dae van hierdie maand (Geloftedag en Kersdag) gesluit was. Bierdepots word minder beïnvloed deur vakansiedae omdat verbruikers eenvoudig die dag voor die vakansiedag genoeg bantobier koop om gedurende die volgende vakansiedag te drink.

4.5 Die maandelikse uitgawe aan bantobier en ander alkoholiese drank.

Dit is uiters moeilik om die presiese bedrag wat elke Bantoe of elke Bantoesin aan drank spandeer vas te stel. Eerstens, is die neiging by sommige Bantoes daar om tydens steekproefopnames te ontken dat hulle bantobier drink of die bedrag wat hulle aan bantobier spandeer te laag op te gee. Tweedens, is die probleem tydens sulke opnames dat party Bantoes graag 'n "goeie" indruk by die vraesteller wil skep en daarom sy verbruik van blanke drank graag oorskakel. Derdens, sover dit verbruikssyfers in die Bantoe-woongebiede betref, is daar die probleem dat talle besoekende Bantoes veral gedurende naweke die woongebiede binnestroom en dat die getal verbruikers hierdeur aansienlik vermeerder word. Sover dit die aankoop van blanke drank betref, is daar nog die verdere probleem dat dit nie moontlik is om vas te stel hoeveel blanke drank in blanke drankwinkels deur

die inwoners van 'n bepaalde bantoorloë gebied aangekoop word nie. Gedurende tye van prysoorloë tussen blanke drankwinkels sal die bedrag aldus spandeer ook meer wees as gedurende normale tye.

Nieteenstaande die probleme hierbo genoem, kan tog vasgestel word dat die stedelike Bantoe relatief 'n groot deel van sy inkomste aan drank bestee.

Tabel 4.9      Die drankuitgawe van stedelike Bantoes en die gemiddelde waarde van drank deur Bantoes gebruik<sup>51)</sup>

<u>BLANKES</u>		<u>BANTOES</u>	
Waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	%	Maandelikse uitgawe aan drank	%
R1 per maand of minder	64,5	R1 of minder	41,2
Meer as R1 en minder as R4	21,6	Meer as R1 en minder as R4,99	42,2
Meer as R4	13,9	R5 en meer	16,4
	<u>100%</u>		<u>100%</u>

51) Miles, J.D. op. cit. bl. 135. Hierdie is vanaf steekproefgroepe in alle stedelike gebiede se antwoorde op 'n vraelys bereken.

Alhoewel die grense effens verskil, kan uit tabel 4.9 afgelei word dat die stedelike Bantoe n groter verbruiker van drank is as die blankes.

Waar 64,5% van die blankes minder as R1 per maand aan drank spandeer het, het slegs 41,2% van die steekproefgroep stedelike Bantoes minder as R1 per maand aan drank bestee. Hierteenoor spandeer 16,4% van die Bantoes meer as R5 per maand aan drank teenoor slegs 13,9% van die blankes wat meer as vier rand per maand aan drank spandeer.


Interressante lig word ook op die uitgawe aan drank per Bantoes gesin in die Vereeniging-Vanderbijlparkgebied gedurende 1968 deur n opname oor verbruiksbesteding deur Loubser<sup>52)</sup> gewerp. n Uittreksel hiervan word in tabel 4.10 getoon.

---

52) Loubser, M. Die markpotensiaal volgens ras van verbruiksgoedere in geselekteerde stedelike gebiede van die Republiek van Suid-Afrika. D.Com. proefskrif Universiteit van Suid-Afrika Feb. 1970 Tabel A.11

Grafiek 4.5

Maandelikse uitgawe aan drank deur Blankes en Stedelike Bantoes



..... 81/.....



- 0 -

Tabel 4.10     Vergelyking van waarde van uitgawes aan drank teenoor uitgawes aan alle graankosse (insluitende meel en brood) en alle vleis- en vleisprodukte deur stedelike Bantoes woonagtig in die Vereeniging-Vanderbijlpark gebied gedurende 1968 aangegaan.

---


Alkoholiese drank

---

Bantoebier	R1 073 500	
Bier	297 400	
Brandewyn	177 000	
Jenewer	45 300	
Wyn	29 100	
Ander alkoholiese drank	6 700	
Totaal aan alkoholiese drank bestee		R1 629 000
Bedrag bestee aan graankosse (insluitende meel, ontbytkosse, rys, brood, babavoedsel)		R2 189 900
Bedrag bestee aan vleis en vleisprodukte		R2 892 000
Totale waarde van alle besteding aan goedere en dienste waaroor Bantoes self beslis (vir eie gebruik)		R29 662 000

Grafiek 4.6

Waarde van uitgawe op verskillende dranksoorte  
deur stedelike Bantoes in die Vereeniging-  
Vanderbijlparkgebied gespandeer gedurende 1968



Uit tabel 4.10 blyk die relatief groot finansiële las wat besteding aan drank vir die stedelike Bantoe is. As daarop gelet word dat hy aan alkoholiese drank byna net soveel spandeer as aan graanvoedsels (onthou moet word dat mielie-meel en brood, wat stapelvoedsels is, hierby ingesluit is) word die omvang van sy drankbesteding besef.

Uit die gegewens hierbo blyk dit dat Bantoes in die Vereeniging-Vanderbijlparkgebied gedurende 1968 5,5% van die totale besteding waaroor hulle self beslis aan alkoholiese drank (waarvan bantobier die grootste deel uitgemaak het) gespandeer het.

Uit gegewens aan skrywer verstrek<sup>53)</sup> is bereken dat die 5 912 huisgesinne woonagtig in die bantodorp Sharpeville gedurende die 12 maande vanaf 1 Maart 1970 tot 28 Februarie 1971 gemiddeld R5,59 per maand per huisgesin aan blanke drank spandeer het en R6,46 per maand per huisgesin aan bantobier bestee het. Dit beteken dat elke huisgesin maandeliks R12,05 aan alkoholiese drank bestee het. Bereken volgens die totale bevolking van 27 000 persone (klein en groot) kom dit neer op 'n spandering van R31,54 per kapita aan drank per jaar, óf R2,63 per kapita per maand.

Dit blyk dus duidelik dat daar 'n groot vraag na alkoholiese drank is en dat 'n relatiewe groot persentasie van hul inkomstes deur Bantoes aan drank spandeer word.

---

53) Bron: Direkteur, Dept. van Nie-blanke Aangeleenthede, Stadsraad van Vereeniging.

4.6 Die prys van Bantoebier

Dit is n inherente eienskap van bantoebier dat dit n hoë graad van bederfbaarheid besit. Die gistingsproses gaan nadat dit klaar gebrou is, steeds voort, waardeur die gehalte en smaak van die produk vinnig afneem. Die groot volume teen betreklike lae waarde maak dit onprakties om van te veel tussengangers by die verspreiding van die bier gebruik te maak, terwyl die bederfbaarheid vereis dat dit so spoedig moontlik aan die verbruiker gelewer moet word.

Maksimumpryse vir bantoebier wat deur munisipaliteite gebrou word, word deur die minister van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling neergelê. Hy kan ook by wyse van regulasie beheer uitoefen oor die bestuur van biersale en van persele waarop bantoebier verkoop word, oor die kwaliteit, samestelling, vervaardigingswyse, ontleding en verpakking van die bier.

Bantoebier is vir baie jare teen onveranderde pryse in Vereeniging verkoop. Losbier is vir 20c per gelling verkoop terwyl plastiese sakkies (totdat dit van die mark verdwyn het) by munisipale bierdepots teen 25c per gelling verkoop is. Bantoebier in plastiese sakkies is gedurende hierdie tyd teen 25c per gelling aan blanke drankwinkels verkoop wat dit teen 40c per gelling aan verbruikers verkoop het. Hierdie pryse is gehandhaaf totdat bier in plastiese bottels beskikbaar geword het.

Bier in plastiese bottels is teen 30c per gelling aan verbruikers by bierdepots verkoop. Aan blanke drankwinkels is dit aanvanklik teen 32c per gelling verkoop, maar die prys is sedert Februarie 1968 tot 30c per gelling verminder. Hierdie prysvermindering is egter nie aan verbruikers oorgedra nie en bantobier in plastiese bottels is deur blanke drankwinkels deurgaans teen 50c per gelling verkoop.

Dat die verhoging in die prys wat verbruikers vir verpakte bantobier moes betaal, vanaf 25c per gelling vir bier in plastiese sakkies verpak tot 30c per gelling vir bantobier in plastiese bottels verpak en vanaf 40c tot 50c per gelling in blanke drankwinkels verbruik nie beïnvloed het nie, blyk uit tabel 4.7. Nadat bantobier in plastiese bottels teen die verhoogde prys beskikbaar geword het, het die persentasie verpakte bantobier (in hoeveelheid sowel as persentasie van totale produksie) verkoop toegeneem. Dit is duidelik dat verbruikers bereid was om effens meer vir verpakte bier in plastiese bottels te betaal, aangesien hulle die verpakking baie geriefliker as plastiese sakkies gevind het.

Sedert Julie 1970 word bantobier in liters verkoop en het dit 'n prysaanpassing tot gevolg gehad. Losbier word sedertdien teen 5c per liter verkoop (teen 4,54 liters per gelling is dit gelyk aan 22,70c per gelling - 'n verhoging van 11,35% op die vorige prys van 20c). Die prys van verpakte bier het minder sterk gestyg tot 7c per liter vir bantobier in plastiese bottels verpak. (Dit beteken 31,78c per

gelling teenoor 30c per gelling voorheen - n verhoging van ongeveer 5,9%).

Volgens amptenare van die brouery op Vereeniging het min Bantoes (indien enige) besef dat metrisering van bantoe-bier tot n prysverhoging gelei het. Losbier is steeds teen 5c per beker in die biersaal verkoop, al het die beker nou slegs 1 liter in plaas van n kwartgelling bantoe-bier bevat. Die verskil in hoeveelheid is so min dat dit blykbaar nie gemerk is nie.

Bantoe-bier in plastiese bottels is by bierdepots teen 7c per liter verkoop in plaas van teen 6c per 36 ons bottel (een-vyfde gelling). Vir die Bantoe het dit beteken dat hy 1c per bottel meer vir bantoe-bier moes betaal. Hy kon egter sien dat hy effens meer bantoe-bier as voorheen kry en geen verbruikersweerstand is teenoor die verhoogde pryse ondervind nie.

#### 4.7 Die rol wat gehalte speel

Voordat moderne apparaat, gemaak van vlekvrige staal, wat meganies beheer word gedurende die laat vyftigerjare in gebruik geneem is, is bantoe-bier in groot stoompotte berei, met houtspane geroer en later in houtvatte opgeberg. Die metode was omslagtig, tot klein hoeveelhede beperk en onhigiënies omdat die houtvate nooit heeltemal dig was nie, en afgesien van vlieë wat in die bier geval het, kon die temperatuur, alkohol- en suurgehalte nooit behoorlik beheer word nie. Bier van wisselvallige gehalte is gevolglik geproduseer.

As gevolg van die wisselvallige gehalte van die bier het dit dikwels gebeur dat 'n groep Bantoes wat die biersaal besoek een uit hul geledere gekies het om slegs een beker bier te koop en afhangende van sy reaksie, sou die ander dan koop. As hy sou verklaar dat die bier nie "reg" is nie, verlaat hulle almal die biersaal om elders (onwettige) bier te gaan soek.

Weens die verbeterde apparaat wat meganies beheer word, verbeterde kennis van brouery en beheer oor temperatuur gedurende alle stadia, word bantobier van konstante gehalte deesdae gebrou. Bantoes het ook vertrouwe gekweek in die gehalte van bier wat voorsien word en praktyke soos hierbo beskryf, vind net nie meer plaas nie. Die konstante voorsiening van bier van goeie gehalte het tuisbrouery en veral die "shebeen" verkope feitlik uitgeskakel.

#### 4.8 Gevolgtrekkings

Die verbruikspatroon en veral die redes waarom Bantoes bantobier drink, het gedurende die verstedeliking en losmaking van stamverband, verander. Bantobier het as voedsel in waarde afgeneem, maar het as dranksoort groter waarde by Bantoes verkry.

Die beskikbaarstelling van blanke drank aan Bantoes het die vraag na bantobier nie laat verminder nie. Bantobierverbruik het voortgegaan om van jaar tot jaar toe te neem. Meeste Bantoes verkies bantobier bo blanke drank. 'n Groot deel van die Bantoe se inkomste word aan drank spandeer.

Die meeste bantobier word vanaf Augustus tot Desember gedrink. Die hoogtepunt in verbruik word jaarliks in Desember bereik. Wat die daaglikse vraag betref is dit Vrydae en veral Saterdag, verreweg die hoogste.

Alhoewel losbier goedkoper is as verpakte bier, is daar 'n stygende neiging in die vraag na verpakte bantobier. Die verpakking in plastiese bottels is baie gewilder as wat dit was in plastiese sakkies.

.....89/.....



HOOFSTUK 5

Die ekonomiese en sosiale belangrikheid van die bantoebierbedryf  
in Suid-Afrika

5.1 Inleiding

Die huidige mark vir bantoebier is beperk tot Bantoeper-  
sone van 18 jaar en ouer wat woonagtig is in stedelike  
gebiede waar bantoebierbrouerye gevestig is. Ongeveer die  
helfte van al die bestaande brouerye in Suid-Afrika is in  
Transvaal gevestig. Hierdie brouerye produseer 74% van  
die totale produksie. Natal produseer 19% van die totale  
produksie, die Kaap-Provinsie 4% en die Oranje-Vrystaat 3%.

Al die grondstowwe wat in die produksie van bantoebier ge-  
bruik word, word plaaslik geproduseer. Geen bantoebier  
word ingevoer of uitgevoer nie.

In vergelyking met die bantoebierproduksie, is die Bantoe-  
bevolking oor die provinsies soos volg versprei:<sup>54)</sup>

Transvaal:	6 599 939	43,9
Natal:	3 215 080	21,4
Kaap-Provinsie:	3 837 144	25,5
Oranje-Vrystaat:	1 384 197	9,2
TOTAAL	15 036 360	100%

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat daar geen korre-

---

54) Departement van Statistiek, verslag nr. 020501: Bevolkingsen-  
sus, 6 Mei 1970, Republiek van Suid-Afrika: Bevolking van ste-  
de, dorpe en nie-stedelike gebiede.

lasie bestaan tussen die Bantoebevolking van elke provinsie en die getal bantobierbrouerye wat daar gevestig is nie.

In 'n verslag<sup>55)</sup> wat deur die bantobier-eenheid van die W.N.N.R. opgestel is word die bedrag van waarde toegevoeg deur die produksie van bantobier vir die jaar geëindig 30 Junie 1969 soos volg bereken:

Bruto waarde van verkope	R34,3 miljoen
<u>min</u> Koste van grondstowwe in bantobier-	
produksie verbruik	<u>R11,9</u> miljoen
Waarde toegevoeg	R22,4 miljoen

Dit word verder bereken dat die direkte bydrae van die bantobierbedryf tot die Bruto Binnelandse Produk (B.B.P.) 0,2% was. Hierdie mag moontlik nie baie indrukwekkend lyk nie, maar die werklike waarde van die bantobierbedryf is geleë in die aanwending van die wins. (Sien par. 5.5 hieronder.)

Die potensiële groter belangrikheid van die bantobierbedryf word verder besef as daarop gewys word dat slegs ongeveer die helfte van alle Bantoes ouer as 18 jaar woonagtig is in gebiede wat tans deur brouerye bedien word. Dit beteken dat die potensiaal daar is om verkope in die toekoms nog te verdubbel tot ongeveer 2 000 miljoen liter met 'n waarde van R100 miljoen per jaar.

---


55) "Report on the activities of the bantu beer unit for submission to the quinquennial reviewing committee, National Chemical Research Laboratory, C.S.I.R., 12th June, 1970", ongepubliseerde verslag, bl. 3.

Grafiek 5.1 Bantoebierproduksie en verspreiding van bantoebevolking volgens provinsie


a) Bantoebierproduksie volgens provinsie

O.V.S.: 3%

K.P.: 4%



b) Verspreiding van Bantoebevolking volgens provinsie



5.2 Werkverskaffing deur die bantoebierbedryf

Die bantoebierbedryf is eerder kapitaalintensief as arbeidsintensief. Tog is n groot aantal werknemers in die bedryf werksaam soos in tabel 5.1 gesien kan word.

.....'93/.....

TABEL 5.1:

Werknemers gemoeid met die bantoebierbedryf in Suid-Afrika  
soos op 30 Junie 1972<sup>56)</sup>


Aard/Plek van Werk	Getal arbeiders	Getal ander werkers	Totale getal werkers
Brouery	656	536	1 192
Verpakking	453	119	572
Verspreiding van vervoer	295	255	550
Verkope	<u>1 476</u>	<u>2 108</u>	<u>3 584</u>
TOTAAL	<u><u>2 880</u></u>	<u><u>3 018</u></u>	<u><u>5 898</u></u>

<sup>56)</sup> Statistiek verskaf deur die Sekretaris van die Instituut van Nie-Blanke Aangeleenthede in Suidelike Afrika.

Grafiek 5.2

Werknemers in die bantoebierbedryf in Suid-Afrika

(verdeel volgens funksie) soos op 30 Junie 1972



Die totale vergoeding van al die werkers in die bedryf het in die genoemde tydperk R3,645 miljoen bedra.

Waar die verhouding van Bantoes tot blankes in die land se nywerhede as geheel 2:1 is, is dit in die bantobierbedryf ongeveer 4:1. (Hierdie syfer sluit personeel in biersale en by verkoop van bantobier uit. Dit word beraam dat ongeveer 95% van die personeel in hierdie sektore swart is.)

Die opleiding en ondervinding wat hierdie Bantowerkers verkry, kan in die toekoms nog 'n bydrae tot die Bantoetuislande wees, in die sin dat hulle die kernpersoneel sal vorm vir talle bantobierbrouerye wat in die Bantoetuislande opgerig kan word.

### 5.3 Kapitale belegging in die bantobierbedryf

Hierbo is reeds gesê dat die bantobierbedryf besonder kapitaal-intensief is. Van besonderhede verkry van enkele brouerye en met aanvaarding dat hierdie ook op die res van die bedryf van toepassing is, beraam die bantobiereenheid van die W.N.N.R. die kapitale belegging in 1969 as volg:


Tabel 5.2:      Kapitale belegging in bantobierbedryf in  
1969

Soort kapitale belegging	Waardasie teen kosprys	% Van totale kapitale belegging
Geboue en grond	R9,6 miljoen	60%
Masjinerie en uitrusting	R4,32      "	27%
Vervoerfasiliteite	R2,08      "	13%

Grafiek 5.3

Kapitale belegging in die bantoebierbedryf in

Suid-Afrika - 1969





Hierdie waardasie is teen kosprys van bestaande brouerye, en as in aanmerking geneem word dat die koste van meeste items aansienlik toegeneem het gedurende die afgelope aantal jare en dat die grond waarop die brouerye en verspreidingspunte geleë is, waarskynlik teen heelwat minder as markwaarde gewaardeer is, kan aanvaar word dat die werklike kapitale belegging heelwat hoër is as die syfer hierbo genoem.

#### 5.4 Die gebruik van grondstowwe in die bantoebierbedryf

Die vernaamste grondstowwe wat vir die brou van bantoebier gebruik word, is graansorghum (kafferkoring) en mielies. Graansorghum word gebruik in die vorm van mout en graansorghummeel. Mielies word weer gebruik in die vorm van mieliemeel en brouersgruis, 'n growwe tipe mieliemeel wat van ontkiemde mielies gemaal word. Hierbenewens is die ander bestanddele gis (suurdeeg) en water. 'n Paar kleiner munisipaliteite wat nie oor die konvensionele broufasiliteite beskik nie, gebruik kitsbantoebierpoeier in die vervaardiging van die bier wat hulle verkoop.


Tabel 5.3 toon hoe die gebruik van grondstowwe in die bantoebierbedryf in Suid-Afrika oor 'n tydperk van 8 jaar gestyg het.

Tabel 5.3: Grondstowwe deur bantoebierbrouerye verbruik gedurende die tyd-  
perke 1/7/63 tot 30/6/64 en 1/7/71 tot 30/6/72<sup>57)</sup>

Grondstof	Verbruik in '000 kg.		% Toename
	1/7/63 - 30/6/64	1/7/71 - 30/6/72	
Mout	27 113	35 343	30,35
Sorghummeel	4 049	9 094	124,60
Mieliemeel en brouersgruis	39 537	69 548	75,91
Kitsbantoebierpoeier	1 621	830	(51,20)
Gis	64,35	128,28	99,35

57) Ongepubliseerde statistiek verkry van die  
Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke  
Aangeleenthede (I.A.N.A.)

Grafiek 5.4 Belangrikste grondstowwe deur bantoebierbrouerye in Suid-Afrika gebruik-n vergelyking tussen die boekjare 1963/64 en 1971/72



Die belangrikheid van die bantobierbedryf word verder beklemtoon deurdat 22,1% van die totale 1969 graansorghumproduksie en 1,5% van die totale 1969 mielieproduksie 58) deur die bantobierbedryf in die brou van bantobier verbruik is.

Benewens die grondstowwe hierbo is gedurende 1969 ook 12 333 ton steenkool, 1 234 miljoen liters water en 20,5 miljoen eenhede elektrisiteit deur die bedryf verbruik. 59)

Die waarde van die grondstowwe wat gedurende die 1971/1972 boekjaar deur die bantobierbedryf in die land gebruik is, is as volg 60)

Mout:	R4 463 000
Sorghummeel:	649 000
Mieliemeel en brouersgruis:	4 634 000
Kitsbantobierpoeier:	130 000
Gis:	<u>157 000</u>
	<u>R10 033 000</u>


---

58) Bantobiereenheid van W.N.N.R.

59) Ongepubliseerde statistiek verkry van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede (I.A.N.A.)

60) Ongepubliseerde I.A.N.A. statistiek.

Grafiek 5.5: Waarde van grondstowwe deur bantoebierbedryf gebruik - 1971/72



Hierby kan nog getel word die totale koste van R714 000 wat aan water en energie gespandeer is. Dit blyk dus dat die totale koste van grondstowwe, water en energie digby R11 miljoen beloop het.

n Hoeveelheid grondstowwe in die vorm van afgietsel (Sorghumdoppe en "mourouk") word uit die bier herwin. Dit vorm n hoëproteïnoedsel wat in groot maat weggevoer en aan boere as veevoeding verkoop word. Gedurende die boekjaar 1971/72 is 39 079 000 kg hiervan ter waarde van R45 531 verkoop.

5.5 Aanwending van winste wat op bantoebierverskops gemaak is.

5.5.1 Die berekening van bantoebierwinst

Gedurende die veertigerjare is ondervind dat talle plaaslike owerhede allerlei verliese wat hulle op ander dienste gely het, teen bantoebierproduksie- en -verspreidingskoste gedebiteer het om sodoende groot tekorte op ander dienste te verbloem of te versag. Die gevolg was dat produksiekoste van bantoebier van die een plaaslike owerheid tot die ander plaaslike owerheid grootliks verskil het - van so laag as 6,25c per gelling (4,54 liters) tot so hoog as 17,03c per gelling. n Kommissie van ondersoek wat in 1945 aangestel is, het verder bevind dat daar groot verskille bestaan het in die metodes van kosteberekening wat deur die verskillende plaaslike owerhede gebruik is, wat vergelyking van winste en selfs die berekening daarvan baie moeilik gemaak het. Gevolglik

het die kommissie <sup>61)</sup> aanbeveel dat die volgende kostes ingesluit behoort te word by die berekening van die kosprys van bantobier.

A. Produksiekoste

1. Salarisse, lone en toelae aan werknemers.
2. Koste van grondstowwe en materiaal verbruik.
3. Toerusting.
4. Rente en delging van lenings wat aangegaan is vir die oprigting van brouerye.
5. Onderhoud en herstelwerk aan die brouerye.
6. Huur van gebou (indien dit nie self besit word nie).
7. Brandstof, water en elektrisiteit.
8. Voorsiening vir vernuwings.
9. Alle ander koste wat direk met die vervaardiging van bantobier verband hou.

B. Verkoops- en verspreidingskoste

1. Salarisse, lone en toelae aan werknemers.
2. Toerusting.
3. Rente en delging van lenings wat aangegaan is vir die bou van biersale.
4. Onderhoud en herstelwerk aan biersale.
5. Huur van die gebou (indien dit nie self besit word nie).
6. Water en elektrisiteit.

---

61) Gorven, O.D., "The Utilisation of kaffir beer profits,"  
The South African Treasurer, April 1949, bl. 92.

7. Voorsiening vir vernuwings.
8. Vervoerkoste van bantobier vanaf brouery na biersaal.

Die verskil tussen brutoverkoopsinkomste en wat oorbly nadat al bostaande kostes gedek is, kan dan as wins beskou word.

Dit is opmerklik dat hierdie lys van goedgekeurde uitgawes nie voorsiening maak vir verpakkingskoste nie. Die rede hiervoor is dat geen verpakte bier verkoop is ten tye van die kommissie se ondersoek en verslag nie. Die koste van vervaardiging en verkoops- en distribusiekoste word vandag egter op soortgelyke wyse uitgebrei ten einde verpakkingskoste te kan bereken.

Wat die berekening van die produksiekoste van bantobier betref, kan dit gekritiseer word omdat die waarde van die vaste beleggings in die bedryf (veral grond en geboue - sien par. 5.3) onrealisties laag is. Die waardevermindering op geboue en verlies aan rente op die markwaarde van die grond word gevolglik nie ten volle in berekening gebring by die berekening van die produksiekoste van bantobier nie. Produksiekoste is waarskynlik hoër as wat tans algemeen in die bedryf bereken word.

#### 5.5.2 Wetlike beperkings op die aanwending van bantobierwinste

Die wyses waarop bantobierwinste aangewend mag word, word feitlik uitsluitlik deur artikel 19 van die Naturelle (Stedelike gebiede) Konsolidasie Wet (Wet 25 van 1945) voorgeskryf.



Kortliks kom die Wet daarop neer dat alle inkomste wat uit die verkoop van bantoebier verkry word deur stedelike owerhede na 'n subrekening van die Bantoe Inkomsterekening, genoem die bantoebierrekening gekrediteer moet word.

Hierdie rekening mag slegs met die volgende items gedebiteer word:

- 1) Uitgawes aangegaan i.v.m. die brou, distribusie en verkoop van bantoebier - hierby word deesdae ook verpakkingskoste ingesluit.
- 2) Onkoste of dienste of skenkings wat deur die minister van Bantoe-Administrasie beskou word om die sosiale of ontspanningsfasiliteite van die Bantoes binne die gebied, of hul sosiale welsyn te verbeter.
- 3) 'n Bedrag van twee-derdes van die saldo op dié rekening moet jaarliks oorgedra word na die Bantoe Inkomsterekening en hierdie wins mag gebruik word:-
  - a) om verliese wat gely word op bantoebehuisings in 'n lokasie, bantoeoordorp of hostel te delg;
  - b) om die huur van toepassing in 'n lokasie, bantoeoordorp of hostel laag te hou (vorm van subsidie op behuisings dus);
  - c) vir rente, instandhoudings- en delgingskoste wat in verband staan met 'n lokasie, bantoeoordorp of hostel.

Dit is interessant dat die Departement van Bantoe-Administrasie in die toepassing van die wet besluit het dat kostes in verband met munisipale polisie en

die bou van skole in bantoewoongebiede nie uit bantoe-  
bierwinste gedelg mag word nie. In n omsendbrief aan  
alle plaaslike owerhede is spesifiek gemeld dat as  
bantoebierwinste vir die bou van skole aangewend sou  
word, dit Bantoes "mag aanmoedig om nog meer te drink  
ten einde meer skole te bekom" en dat wat eintlik n  
"sonde" is (nl. drankmisbruik) sodoende aangemoedig  
sal word.

Hierdie gedagte kan sterk gekritiseer word. In hoofstuk  
3 is redes waarom Bantoes bantoebier gebruik bespreek en  
dit is vergesog om te beweer dat Bantoes wat bantoebier  
drink dit juis sal doen om die oprigting van skole te  
bevorder. Dit is ook daarop gewys dat Bantoes bantoebier  
tot n groot mate as n soort voedsel (Par. 3.3) eerder as  
n drank beskou en dat die brou daarvan op georganiseerde  
wyse juis ontstaan het om sosiale euwels teen te werk  
(par. 2.7).

### 5.5.3 Die besteding ban bantoebierwinste

Die wins wat op bantoebier gemaak word, is betreklik hoog.  
Uit n ontleding van gegewens wat in tabel 2.5 verstrek is,  
blyk dit dat die gemiddelde produksiekoste van bantoebier  
minder as 2,2 sent per liter is en dat produksiekoste en  
verspreidingskoste saam gemiddeld tussen 2,4 sent en 2,6  
sent per liter is. As geneem word dat losbier feitlik  
orals teen 5 sent per liter verkoop word, is die wins  
byna 50% op verkoopprys. Op verpakte bier is die wins  
nog effens hoër. Op hierdie basis kan bereken word dat  
die totale wins van die bantoebierbedryf heelwat meer as  
R20 miljoen per jaar beloop.

As voorbeeld van die werklike gebruik van bantobierwinste in n stedelike gebied, is die wins in die Vereeniging-gebied gedurende n bepaalde jaar as volg bestee:-

Begraafplase:	1,57%
Ambulansdienste:	0,91%
Hulptoelae:	5,31%
Gesondheidsdienste:	11,35%
Biblioteek-Sharpeville:	1,48%
Mark-Sharpeville:	1,47%
Sportgronde:	3,87%
Gemeenskapsaal:	2,19%
Creche:	0,57%
Parke en oop ruimtes:	4,07%
Verliese op subekonomiese behuising:	33,94%
Swembad:	6,57%
Masjienerie, toerusting en verbeterings aan brouery en biersaal	26,70%
TOTAAL	<u>100%</u>

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit dat die aanwending van winste streng voldoen aan die wetsvereistes. Dit kan verwag word dat ander plaaslike owerhede se winsaanwending n soortgelyke patroon volg. Die bepaling in die wet wat plaaslike owerhede toelaat om met die goedkeuring van die minister sosiale en ontspanningsgeriewe aan die Bantoes te voorsien, kan egter daarvoor sorg dat winste ook op meer "ongewone" aangeleenthede bestee kan word. In hierdie verband kan verwys word na n hotel wat in

Atteridgeville (Pretoria) vir meer as R180 000<sup>62)</sup> gebou word.

5.6 Gevolgtrekkings:

- 1) Bantobier bedra tans ongeveer 0,2% van die Bruto Binnelandse Produk en dra in die verband meer as R22 miljoen jaarliks tot die B.B.P. by. Aangesien slegs ongeveer die helfte van alle volwasse Bantoes in gebiede woon wat tans deur die huidige bantobierbrouerye van bantobier voorsien word, bestaan die moontlikheid om hierdie syfer heelwat op te stoot.
- 2) Die bantobierbedryf is eerder kapitaalintensief as arbeidsintensief.
- 3) Die bedryf is n groot verbruiker van graansorghum en mielies, wat alles in S.A. geproduseer word.
- 4) Die aanwending van bantobierwinste word streng deur wetgewing bepaal. Hierdie aanwending is veral ingestel op die daarstelling en instandhouding van behuisingskemas en sosiale en welsynsdienste aan Bantoes.

---

<sup>62)</sup> Webster, G., Utshawala - die bier wat voed, Suid-Afrikaanse Panorama, Volume 17, nommer 11, November 1972, bl. 39.

HOOFSTUK 6

Samevatting

Skrywer het gepoog om deur hierdie studie die vraag na bantoebier in Suid-Afrika, en meer spesifiek die vraag daarna in die Vereeniginggebied, te ondersoek en te ontleed.

Bantoebier is 'n unieke produk wat uit die kultuur van die Bantoe ontwikkel is in 'n moderne bedryf wat vandag in alle stedelike gebiede en ook in talle plattelandse gebiede gevestig is. Dat daar 'n vraag na bantoebier bestaan, is onteenseglik deur hierdie studie bewys. 'n Groot potensiële vraag na die produk bestaan ook in dié gebiede van die land wat tans om een of ander rede nie oor brouerye beskik nie.

Bantoebier is die goedkoopste alkoholiese drank in die land beskikbaar, en het veral onder die tradisionele Bantoe groot aansien as drank en as voedsel. Toenemende verwestering van Bantoes, asook die feit dat hul inkomstes snel toeneem, sal waarskynlik in die toekoms baie Bantoes wat alkoholiese drank gebruik na blanke drank laat oorskakel. Die groot getalle Bantoes wat nog tradisionele gewoontes aanhang (veral in die Bantoegebiede), asook die lae prys van bantoebier sal egter verseker dat daar nog vir baie dekades 'n groot mark vir bantoebier sal bestaan.

BYLAAG 1

Berekening van seisoensindeks (maandelikse verbruiksindeks) vir die jare geëindig 30 Junie 1967 tot 30 Junie 1971 (gegewens van tabel 4.5 in berekenings gebruik)

Stap 1 Kry die gemiddelde maandelikse verkope vir elke boekjaar

1966/67	1321
1967/68	1276
1968/69	1342
1969/70	1544
1970/71	1433

Stap 2 Gebruik elke jaar se gemiddelde as basis en bereken die maandelikse indekse van elke jaar.

Stap 3 Bereken die gemiddelde van die maandelikse indekse

	<u>1966</u>	<u>1967</u>	<u>1968</u>	<u>1969</u>	<u>1970</u>	<u>1971</u>	<u>Gemiddelde</u>
Jan.		80	90	97	102	94	92,6
Feb.		83	94	92	93	91	90,6
Maart		97	109	99	106	101	102,4
April		92	98	93	95	101	95,8
Mei		94	105	100	103	104	101,2
Jun.		95	84	90	92	96	91,4
Jul.	114	103	89	87	97		98
Aug.	110	103	106	98	102		103,8
Sept.	116	109	100	94	102		104,2
Okt.	114	100	109	106	108		107,4
Nov.	97	92	110	108	98		101
Des.	108	113	114	116	107		111,6

BYLAAG 2

Berekening van seisoensindeks (daaglikse verbruiksindeks) vanaf gegewens in tabel 4.6 uiteengesit

Stap 1: Kry die gemiddelde daaglikse verkope van elke week.

Week 1	18,4
Week 2	18,6
Week 3	18
Week 4	18,3
Week 5	20,6
Week 6	18,6

Stap 2: Gebruik elke week se gemiddelde as basis en bereken die daaglikse indekse van elke week.

Stap 3: Bereken die gemiddelde van die daaglikse indekse

Daaglikse indekssyfer

	<u>Maan</u>	<u>Dins</u>	<u>Woens</u>	<u>Don.</u>	<u>Vry.</u>	<u>Sat.</u>	<u>Son.</u>
Week 1	77	71	71	92	120	196	76
Week 2	70	70	70	86	134	183	86
Week 3	83	72	67	83	122	189	83
Week 4	71	66	71	77	131	191	93
Week 5	78	73	78	87	126	180	78
Week 6	97	65	59	75	134	183	86
TOTAAL	476	417	416	500	767	1122	502
Gemiddel- de daaglikse indeks- syfer	79,3	69,5	69,4	83,3	127,8	187	83,7

ENGLISH SUMMARY

Some aspects of the demand for bantu beer with special reference to the demand in the Vereeniging area.

---

Chapter 1 deals with the purpose, extent and method of the study. The main purpose of the study is to investigate the demand for bantu beer in the Vereeniging area and the study is limited to the Sixties and early Seventies.

In Chapter 2 bantu beer and the brewing process is described and bantu beer is compared with "white" beer (as consumed by Whites). The development of the bantu beer industry in South Africa is examined and legislation that controls the industry is briefly discussed. The chapter ends with statistics about the volume and value of bantu beer consumption in South Africa.

The importance that bantu beer played in the lives of Bantus in the past and is still playing in their lives today is discussed in Chapter 3. This chapter deals especially with the reasons why Bantu drink bantu beer.

In chapter 4 the demand for bantu beer is compared with the demand by Bantus for "white" beer and the demand for bantu beer in the Vereeniging area is analysed in greater detail. The chapter includes the following:

- i) The influence of the change in the liquor laws in South Africa in 1962 (whereby Bantus obtained the right to buy



"white" liquor) on the demand for bantu beer.

- ii) The influence of increases in the price of "white" liquors on the demand for bantu beer.
- iii) A comparison of bantu beer sales with "white" liquor sales in the Sharpeville Bantu Township.
- iv) Seasonal fluctuations (monthly and daily) in the demand for bantu beer.
- v) Other aspects in the demand for bantu beer: sales of bantu beer in plastic bottles compared with sales of "loose" beer (i.e. beer poured into the containers of the buyer), sales in beerhalls compared to depot sales, the amount which is spent monthly by Bantus on bantu beer and on "white" liquor, the price and the quality of bantu beer.

Chapter 5 deals with the social and economic consequences of the bantu beer industry in South Africa - to the extent that it provides work for South Africans, the raw materials that are consumed, the capital invested and finally, the utilisation of the profits made by the industry.

Chapter 6 contains a short summary and conclusions forthcoming from the study.

BIBLIOGRAFIE

- A. Tydskrifartikels, koerantartikels, notules en referate gelewer
1. Burger, J.A. Bantoebier. Referaat gelewer voor die lede van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede tydens 14de jaarkongres gehou te Oos-Londen, 1965.
  2. Novellie, L. "Bantu Beer - Popular Drink in South Africa", International Brewer and Distiller, 1(1): November/Desember 1966
  3. Ferreira, I.P. "Modern trends in the manufacture of kaffirbeer by local authorities and large employers of native labour", Journal of Racial Affairs, April 1953.
  4. Potgieter, W.A. "Bantu Beer", The South African Industrial Chemist", October 1963.
  5. Steenekamp, T.J. Aspekte van die vervaardiging en bewerking van bantoebier, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Julie 1965.
  6. Bang, D.N. The History and Policy of Kaffir Beer in South Africa, referaat gelewer voor die lede van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede tydens 5de jaarkongres gehou te Bloemfontein, 1956.
  7. Gwebu, Alf. Sjebeen, G'n nes van Onheil, maar n sosiale klub, Die Vaderland, 27 Junie 1968.
  8. Motjuwadi, Stanley. "Pretoria's K.B. - What does it do to you?" Drum, September 1968.
  9. Gorven, O.D. "The utilisation of kaffir beer profits", The South African Treasurer, April 1949.
  10. Webster, G. Utshawala - die bier wat voed, S.A. Panorama, 17 (j1): 1972.

11. Campbell, A. Manufacture of Bantu Beer and the necessary financial controls, South African Treasurer, Sept. 1967.
12. Holtzhausen, L. New Bantu beer measuring system, Food Industry, Jan. 1967.
13. McNamee, J.P. Domestic Brewing of kaffir beer, some favourable experiences, South African Municipal magazine, Okt. 1940.

B. Verhandelinge, skripsies en proefskrifte

1. de Villiers, J.A. Die bestuursaspekte van effektiewe kapitaal aanwending, kosteberekening en kostebeheer in die bantoebierbedryf. Ongepubliseerde werk voorgelê as deel van die vereistes van die M.B.A.-graad, U.P., Julie 1971.
2. Loots, H.J. Die brou en verkoop van Bantoebier in die Bantoegebiede van Suid-Afrika, ongepubliseerde M.Com. verhandeling, U.P., 1969
3. Loubser, M. Die markpotensiaal volgens ras van verbruiksgoedere in geselekteerde stedelike gebiede van die Republiek van Suid-Afrika, D. Com. proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1970.

C. Offisiële en semi-offisiële verslae

1. Verslae van die Bantoebier-eenheid van die W.N.N.R.
2. Verslae en statistiek voorsien deur die sekretaris van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede, Pretoria.
3. Verslae en statistiek voorsien deur die Direkteur van Nie-Blanke Aangeleenthede, Stadsraad van Vereeniging.

4. "Report on the activities of the Bantu Beer unit for submission to the quinquennial reviewing committee, National Chemical Research Laboratory, C.S.I.R., 12th June 1970.
  
5. Miles, J.D. Die drinkpatroon van die Bantoes in Suid-Afrika, Navorsingsreeks Nr. 18, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria 1964.
  
6. Die gebruik van munisipaalgebroude bier deur Bantoe-  
mans in die munisipale gebied van Pretoria, R.G.N.  
navorsingsbevinding nr. S-N-37, Pretoria, 1973.
  
7. Departement van Statistiek, verslag nr. 020501:  
Bevolkingsensus, 6 Mei 1970, Republiek van Suid-Afrika:  
Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede.